# ProAgri

tegnologie vir die boer
technology for the farmer

No / Nr 290
ISSN 1042 - 1558

**Gratis / Free**



## Bonsmara SA vier 60 goue jare

## Gee rooiwater só die bloupas

# VALTRAC bring die room van die room na SA boere

VALTRAC TRACTORS • IMPLEMENTS • SERVICE • PARTS






## We supply a wide range of products:

- CCA Treated Building and Fencing Poles
- S5 Construction Timber
- Timber Mouldings including:
  Decking / Ceiling / Flooring / Cladding / Architraves
  Quarter-rounds / Window Trimmings / Window Corners
- Timber Hardware Accessories
- Timber Treatments

**View our products at www.sabiepoles.co.za**
072 838 2838 | sales@sabietimber.co.za

SABIE POLES
INTENTIONAL QUALITY



Wolke van belofte steek oor verskeie dele van ons land op met berigte van goeie reën wat die afgelope week oor 'n wye gebied geval het. Die afgelope paar maande is gekenmerk deur prysskommelings en boere hou asem op oor die uitwerking van die heersende El Niño-seisoen op hulle graangewasse.

In sommige dele van die Suid-Kaap het dit gereën, die veld is nat en die planters staan gereed. Maar te veel reën kan die plantery in die wiele ry. Is onsekerheid dan nou ál wat seker is?

Ons dink aan ons medeboere hierdie komende seisoen, waar sommiges regmaak vir strooptyd en ander voorbereiding doen vir die winter.

Tussendeur die bittersoet wat boere in die gesig staar, is daar opgewondenheid oor die komende 56ste NAMPO-oesdag wat plaasvind van 14 tot 17 Mei 2024 te NAMPO-park, Bothaville. Net soos die hordes uitstallers en organiseerders, is ons ook gerat om die nuutste neigings en ontwikkelings wat aangebied word aan ons lesers bekend te stel.

Die tema van NAMPO 2024: "Landbou in 'n Digitale Era" eggo Suid-Afrikaanse boere wat toenemend die belangrikheid van rekenaarverbindings erken om doeltreffendheid, volhoubaarheid en welvaart in boerderypraktyke te bevorder.

Soos gewoonlik sal die gewilde veeafdeling weer uit sy nate bars met ou gunstelinge se demonstrasies en uitstallings.

Wat is nuut? Wel, soos altyd is daar iets vir almal by NAMPO en vanjaar selfs nog meer. Van splinternuwe koservarings tot die gewilde vroueprogram en 'n nuwe afdeling vir die Boereplanne-kompetisie.

Baie uitstallers is besig om hulle uitstallingsaanbiedinge op te gradeer en uit te brei en die nuut bygevoegde Midas-saal aan die suidoostelike kant van die park huisves 'n bykomende sestig binnenshuise uitstallers.

Kaartjies is beskikbaar by TicketPro (www.ticketpros.co.za) met afslag op toegangsfooie vir aanlynaankope. Hekke open om 07:00 en sluit om 17:00. Vir meer inligting, besoek NAMPO se webwerf by www.nampo.co.za of laai die NAMPO-toep van jou voorkeuraanlynwinkel af.

Ons sien daarna uit om weer skouers te skuur met al ons boere en klante by NAMPO 2024. Sien julle daar!

ProAgri-groete!
**Bianca Henning**
**bianca@proagri.co.za**

## Op ons voorblad




**Valtrac het 'n trotse en ryk geskiedenis in Suid-Afrika en verstaan die behoeftes van die boer. Valtrac is een die voorste verskaffers van trekkers en werktuie aan Suid-Afrikaanse boere en is toegewyd daartoe om net die beste van die beste aan boere te bied. Lees meer op bladsy 2 oor melkboer Mark Hauff van Ixopo se suksesverhaal met Valtrac.**

## Inhoudsopgawe / Contents


**Voorbladartikel**
3. Valtrac bring die room van die room na SA boere

**Meganisasie**
5. NAMPO 2024: Driving the future of farming with Hino SA
9. New Holland se TH7.32-teleskopiese hanteerder maak werk maklik op die plaas
11. Majestic, magnificent, masculine: Mahindra Scorpio-N
12. Saam vir die lange duur Massey Ferguson en die boer
15. Die nuutste in landboutegnologie van regoor die wêreld
19. FAW Trucks SA unveils the JK6 FD/FT variant
21. John Deere: Unlocking value and innovation

**Hulpbronbestuur**
23. The science behind Dry Ice's freeze-branding technique
25. Tugela Steel: Gehalte strukture en pynlose
27. Cultivating efficiency, longevity, and cost-saving in one of South Africa's most important industries

**Gewasproduksie**
29. Join the Corteva Crop Protection team at NAMPO 2024 uitvoeroplossings
31. Pioneer: Basta met 'n swak mielie-oes!
35. Rooibos: Word wêreld se lieflingstee deur klimaatsverandering bedreig?
39. Grasse van Suid-Afrika deel 3: Vals pluime
42. Groentetuin vir beginners deel 10: Saad
44. TLU SA Jongboerkonferensie

**Vee en Wild**
46. Winsgewende skaapboerdery deel 27
49. Wildboerdery: Maak reg vir die winter
55. Bonsmara SA vier 60 goue jare
59. Natuurbewaring is almal se verantwoordelikheid
62. Landbouskrywers SA se besoek aan 2023 se Boer van die jaar: Waarde in landbou strek verder as die plaas
65. Eko-vriendelike roofdierbestuur
69. Dieresiektes: Kleinveepes sluip al nader aan ons grens
75. Dieresiektes: Rooiwater lei tot vrektes























Agri4all


**ProAgri**
Posbus 72707, Lynnwoodrif /
Rossouwstraat 577
Die Wilgers, Pretoria
079-515-8708
www.proagri.co.za



Copyright © 2024. All rights reserved. No material, text or photographs may be reproduced, copied or in any other way transmitted without the written consent of the publisher. Opinions expressed are not necessarily those of the publisher or of the editor. We recognise all trademarks and logos as the sole property of their respective owners. ProAgri shall not be liable for any errors or for any actions in reliance thereon.


## ProAgri


**Redakteur tydskrif en aanlyn**
Bianca Henning > 082-326-2572 bianca@proagri.co.za

**Verslaggewers**
Maryna Steyn > 082-261-9177 maryna@proagri.co.za
Natasha Pretorius >083-468-2653 natasha@proagri.co.za
Ashleigh Schubert >071-585-9422 ashleigh@proagri.co.za
Benine Ackermann > 073-105-6938 benine@proagri.co.za

**Spesialisskrywer**
Annemarie Bremner > 082-320-3642 annemarie@proagri.co.za

**Bemarkingsbestuurder**
Diane Grobler > 082-555-6866 diane@proagri.co.za

**Bemarkers**
Xander Pieterse > 062-391-6507 xander@proagri.co.za
Johan Swartz > 071-599-9417 johan@proagri.co.za
Tiny Smith > 082-698-3353 tiny@proagri.co.za
Lynette van Tonder > 074-694-4422 lynette@proagri.co.za
Evette Liebenberg >071-891-4441 evette@proagri.co.za

**Skeppende bestuurder**
Michelle Kruger > 084-416-1780 michelle@proagri.co.za

**Uitleg en ontwerp**
Anja Oosthuizen & Jamie-Lee Tromp

**Kliëntverhoudingsbestuurder**
Carin Swartz > 084-233-0123 carin@proagri.co.za

**Navrae**
Engela Botha > 073-663-1234 engela@proagri.co.za

**Rekeninge**
Ronel Schluter > 084-088-0123 accounts@proagri.co.za

**Verspreiding en intekening**
Nita Volmer-van Zyl > 079-515-8708 nita@proagri.co.za

**Sakebestuurder**
George Grobler

# Valtrac bring die room van die room na SA boere

deur Maryna Steyn





**Die Major Cyclone werk anders as ander snyers omdat hy 'n tweede stel lemme het wat lang gesnyde gras nog fyner kap vir 'n deklaag.**

Die groot kuns tot produktiwiteit is om 'n stelsel te vind wat doeltreffend werk en gehalte uitset bevorder. Dit maak mos sin? Tog, wanneer jy boer, verg dit 'n bietjie meer oplees, oorweeg, beplan en idees toets. Sommige faal en ander is raakskieters soos om 'n grassnyer wat heeltemal onbekend is aan Suid-Afrika, al die pad van Ierland in te voer.

'n Gerondsukkel met drie grassnyers wat skaars kan byhou met hulle take in piekseisoen is nie iets waarmee Mark Hauff sy tyd wou mors nie. Hy is 'n tweede-geslag melkboer van suidelike KwaZulu-Natal, naby die dorp Ixopo. "Daar is ongeveer 2 500 koeie wat ons deur twee melkhuise stuur om gemelk te word," vertel hy. "Om hierdie aantal beeste in die beste kondisie te hou vir produktiewe melkproduksie loop hulle op weiding wat onder besproeiing is. Hulle dieet word verder aangevul met mieliekuilvoer wat ons self vervaardig."

Om meer as tweeduisend beeste te versorg is nie kinderspeletjies nie!

Op Rockfontein, Mark se familieplaas, maak hulle gebruik van 'n hoë-druk strookbeweidingstelsel wat sorg dat die koeie stuk-vir-stuk die veld vreet terwyl ander gedeeltes weer herstel. "Wat egter gebeur is dat die koeie selektief eet wat dan 'n oneweredige beweide strook agterlaat," verduidelik Mark. "Om dit te bekamp moet ons die lang polle korter sny voordat ons tussensaai.

"Sodra die beeste na die volgende strook beweeg moet die grassnyer gevolg deur die planter inspring. En so kort op die koeie se spoor moet jy sukkel met taai miskoeke wat soos sement aan lemme klou."



**Die Valtra N134 sleep die Major Cyclone-snyer maklik oor die veld se kontoere.**

Hy sê daar is 'n goeie rede waarom die mense toentertyd beesmisvloere gehad het!

Vir toerusting is die eienskappe nie so goed nie, want sommer gou-gou raak lemme stomp, onderdele raak onklaar en die hele snyproses word vertraag.

"Ek moes 'n alternatief probeer vind," sê Mark. "Dit was tydrowend, arbeidsintensief en duur om voortdurend herstelwerk te doen." Daarom het Mark begin soek na die regte produk.

## Valtrac bring wêreldklas vindingrykheid na eie bodem

Major Equipment (Intl) Ltd is 'n vervaardiger van landboutoerusting gevestig in County Mayo, Ierland wat onder meer snyers en konstruksietoerusting insluit en het 'n verspeidingsnetwerk wat oor meer as 30 lande strek.

Met 'n nalatenskap sedert 1976, stel Major duursaamheid, eenvoud en betroubaarheid in sy produkte eerste om in verskeie landbou- en kommersiële behoeftes wêreldwyd voorsien.
Deur kliënte se behoeftes te prioritiseer en moderne vervaardigingstegnieke te gebruik, lewer Major konsekwent uitsonderlike oplossings vir besighede om te floreer.

Na deeglike navorsing het Mark 'n produk gevind wat aan sy behoeftes voldoen: Die Cyclone grassnyer van Major.

"Die enigste nadeel was is dat dit nie



**Strookbeweiding sorg dat diere na hartelus gras vreet, maar dit beteken dat die oneweredige polle wat hulle nie van hou nie gesny moet word.**

beskikbaar was in Suid-Afrika nie, maar dit het my nie gekeer nie," vertel hy. "My verhouding met Valtrac, wat ook my trekkers verskaf, is baie goed. Ek weet dat hulle altyd op die uitkyk is daarna om nuwe tegnologie na boere te bring. Dit is juis waarom ek met hulle gepraat het en gevra het of hulle dit sal oorweeg om die snyers in te bring.

"Die Valtrac-span het op 'n oorsese skou die snyers gaan besigtig en saamgestem dit is 'n goeie produk wat die invoer daarvan die moeite werd maak."

Dus was Mark die eerste eienaar van 'n Major Cyclone-grassnyer in Suid-Afrika.

"Wat Major se Cyclone vir my bied is 'n keuse om die hoogte waarteen die gras gesny word te stel. Dit voldoen ook aan ons behoefte, omdat hierdie grassnyer anders werk as 'n grassnyer wat jy vir hooimaak sal gebruik," verduidelik Mark.

Dit het twee gewone lemme wat teen die grond die gras sny, met nog twee lemme wat vasgemonteer is om die gesnyde gras fyner te kap. Die eindresultaat is 'n egalige veld met oorblywende gras wat 'n goeie deklaag vorm.

Die Cyclone is beskikbaar in agt verskillende groottes vanaf 2,1 tot 6,5 meter. Mark het 'n 4-meter model wat maklik agter sy Valtra N134 gesleep word.





**Die Major Cyclone-snyer is nou al vier jaar oud en werk nog so goed soos op dag een!**

## 'n Reuse verskil vanaf dag een met Major se Cyclone grassnyer

Dit is nou vier jaar later en Mark is in sy skik met die diens wat hy uit hierdie snyer kry. "Die merkbare verskil is dat ons voorheen tot drie trekkers met snyers op 'n dag moes laat draf, maar nou kry dié een masjien lag-lag die werk klaar.

"In die somer moet ons minstens sestien hektaar per dag, elke dag sny om by te hou. Met ander fabrikate sal dit nog twee masjiene verg, so die Cyclone help ons produktiwiteit. Dit is vinnig, betroubaar en doeltreffend."

Mark hou daarvan dat die masjien sterk gebou en teen roes beskerm is. Nou eers begin klein krakies verskyn wat deel is van jare se slytasie. "Ons beweeg vinnig deur groot hektare wat dit beslis die moeite werd maak. Weens die roller wat agter op die snyer is beweeg dit ook moeiteloos oor spilpuntspore, so die werktuig hou ook langer.

Hy vertel dat hy spoedig geleer het dat dit vir hulle melkplaas belangrik was om die voorste wieletjies wat as 'n toevoeging gekoop kan word by te voeg. "Aanvanklik het ons nie gedink dit is nodig nie, maar dit is belangrike ondersteuning vir die snywerk oor ongelyke veld. Dit het eintlik die wêreld se verskil gemaak."

Buiten dat die roller agter gereeld skoongemaak moet word omdat een van die inheemse grasse wat in die gebied voorkom maklik om die roller draai is daar min versienwerk wat gedoen moet word. Wanneer lemme na baie ure vervang moet word, beveel Mark aan dat die oorspronklike, harde lemme gebruik word. "Dit is beslis die moeite werd in die lange duur," sluit hy af.

**Valtrac is die enigste invoerder van Major Cyclone-snyers. Hierdie snyers word ook met groot sukses in die VSA en Australië gebruik vir stoppelbestuur op katoen, besproeiing- en mielielande.**

VALTRAC
TRACTORS • IMPLEMENTS • SERVICE • PARTS

Om Valtrac se voortreflike dienslewering te ervaar en uit te vind watter oplossings hulle vir jou boerdery het, kontak hulle by **(+27)56-817-7338** of stuur 'n e-pos aan **sales@valtrac.co.za**. Besoek ook gerus die webtuiste op **www.valtrac.co.za** om na ander gehalte produkte te loer.

# SHOWCASING DURABILITY, SAFETY, AND RELIABILITY AT NAMPO HARVEST DAY.




Hino SA is about empowering agriculture, one truck at a time. We will proudly exhibit our full truck range – the Hino 200, 300, 500, and 700 series – at NAMPO Harvest Day 2024. Discover the driving force behind agricultural innovation, as we showcase our commitment to reliability, efficiency, and cutting-edge technology. Don’t miss the opportunity to experience the future of farming from 14-17 May at NAMPO, Bothaville.

HINO

*We’re all business*

# NAMPO Harvest Day 2024: Driving the future of farming with Hino SA

As the showpiece for South African agricultural capabilities, NAMPO Harvest Day is gearing up for another ground-breaking year. From 14 to 17 May, Bothaville will transform into a vibrant hub of innovation, and – amidst this agricultural event – stands Hino SA, ready to showcase our full truck range: the Hino 200, 300, 500, and 700 series.

During this celebration of agriculture, Hino SA will bring more than just trucks to the table. Each model in our line-up represents a commitment to excellence, efficiency, and reliability, perfectly aligned to the needs of the modern farmer.

The Hino 200 series, compact yet powerful, tackles the challenges of smaller agricultural operations with ease. The versatile Hino 300 series is a reliable workhorse, built to handle a range of tasks on the farm. Stepping up in size and capability, the Hino 500 series delivers power and performance for the more demanding aspects of agriculture. Lastly, the robust Hino 700 series is a true heavy-duty champion, designed to conquer the toughest terrains and tasks.

At NAMPO Harvest Day, visitors can engage with our trucks first-hand, experiencing the comfort, technology, and rugged durability that defines Hino SA. Our representatives will be on-site to provide insights and answer any questions, ensuring that farmers leave with the knowledge they need to make informed decisions about their fleets.

Hino SA understands the pressures farmers face and the weight their decisions hold, especially when it comes to pivotal freight, technology, and innovation. Our full truck range reflects this understanding, integrating advanced features that enhance efficiency and productivity on the farm. From the nimble Hino 200 series to the powerhouse Hino 700 series, each vehicle is a testament to our dedication to meeting the diverse needs of the agricultural community.

As we come together at NAMPO Harvest Day 2024, Hino SA invites you to come and witness the future of farming. Join us in Bothaville and explore how our full truck range is driving innovation and efficiency in agriculture. Our trucks are not just a mode of transportation; they are tools designed to empower farmers, streamline operations, and cultivate success.

In the spirit of collaboration and progress, Hino SA is excited to contribute to the collective energy of NAMPO Harvest Day. As the agricultural landscape continues to evolve, our trucks stand as a symbol of adaptability and strength, ready to meet the challenges of modern farming head-on.

Beyond the mechanical prowess, Hino SA places a strong emphasis on building lasting relationships with our customers. At NAMPO Harvest Day, we are not just showcasing trucks, we are creating an interactive experience where farmers can connect with our team, share insights, and discover how Hino SA becomes a trusted partner in their journey towards agricultural excellence.

NAMPO Harvest Day 2024 is not just an exhibition; it is a testament to the resilience, innovation, and unity within the agricultural community. Hino SA is proud to be part of this transformative event, inviting farmers and industry enthusiasts to witness the future of farming in Bothaville.

**Hino SA, empowering farmers to cultivate success, one truck at a time.**






# NEW HOLLAND TH7.32-TELESKOPIESE HANTEERDER

**R 1,890,000.00**
BTW UITGESLUIT
(R2,173,500.00 BTW INGESLUIT)

Die beste oplossing vir die ophys en hantering van materiaal op die plaas danksy groter hys- en reikvermoë, vinniger siklustyd en die hoogste beweeglikheid en stabiliteit wanneer daar met vragte gewerk word. Die New Holland-teleskopiese hanteerder kry die werk vinniger gedoen.




Aanbod geldig terwyl voorraad hou. BFW.

Kontak jou New Holland-handelaar vandag of skakel:

Eduan Booyens (071 871 8163) - Noordwes, Vrystaat, Gauteng en Limpopo
Paul de Korte (064 752 1613) - KwaZulu-Natal en Mpumalanga
Quintus Smit (082 524 7397) - Wes-Kaap, Noord-Kaap en Oos-Kaap

Volg ons op

www.newholland.com/za

NEW HOLLAND

Tindrum 24/054

# New Holland se TH7.32-teleskopiese hanteerder maak werk maklik op die plaas

Artikel verskaf



Min dinge maak boerdery so maklik en lekker soos 'n betroubare teleskopiese hanteerder.

New Holland het sy TH7.32-teleskopiese hanteerder in 2023 bekend gestel en sedertdien maak dié nuttige, veelsydige werktuig vele boere se swaar take lig. Dit lig voorwerpe van tot 3,2 ton so hoog as 7 meter en dit is 'n plesier om in die ultra-gemaklike, ruim kajuit met 'n volle 360 grade uitsig te werk.

Dié stabiele en maklik bestuurbare masjien hanteer enige taak op die plaas met sy 4x3 PowerShift™-transmissie, hidrouliese vloei van 140 liter/min en 'n kragtige 98 kW-enjin wat 549 Nm wringkrag teen 1 500 opm lewer.

New Holland-telehanteerders lewer al meer as 20 jaar 'n ongeëwenaarde lys kenmerke wat prestasie, betroubaarheid en bekostigbaarheid verseker. Die nuwe TH7.32 is ontwerp vir toepassings soos materiaalhantering, werk op die plaaswerf en die stapel van groot bale en is die ideale keuse vir akkerbou-, gemengde plaas- en kontraktoepassings. Met sy hoë krag-tot-gewigverhouding, wat die moeilikste take in allerlei omstandighede moontlik maak, is dit die eerste keuse vir veeleisende plaas- en kontrakoperateurs.



## Verbeterde produktiwiteit

Die TH7.32 trek voordeel uit 'n splinternuwe 4x3 PowerShift™-transmissie vir gladder ratwisseling en werkverrigting, wat 'n beter bestuurservaring bied. Dit voldoen aan vlak 3-uitlaatgasstandaarde en die verbeterde prestasie en ekonomie het verlaagde bedryfskoste tot gevolg. Daarby stel die herontwerpte kajuit nuwe standaarde vir lae geraas, maklike beheer en voortreflike gemak.

Die beste-in-klas 600-uur dienstussenposes verseker dat die masjien langer aan die werk bly. 'n Groot eenstukkap gee volle toegang tot die enjinruimte en onderste sypanele kan oopgemaak word om nog meer toegang tot die enjin te gee. Enjinolie, waterkoelmiddel, die verkoeler en die lugfilter is maklik bereikbaar en daaglikse inspeksie en dienste is eenvoudig om uit te voer.

## Voortreflike gemak en ergonomie

Die TH-model beskik oor 'n gevorderde kajuitontwerp wat verbeterde gemak, geraasonderdrukking en sigbaarheid bied vir maksimum produktiwiteit.



PULSAR
• AUTHORISED DEALER •
— OFFICIAL —
WWW.ULTRANEXUS.CO.ZA
MERGER XP50 LRF
THERMAL IMAGING
HuntEx
VISIT OUR STAND
HALL 2, BOOTH 257
26-28 APRIL 2024
1800m
LONG DETECTION RANGE
F/1.0
FAST APERTURE F50/1.0 GERMANIUM LENS
Mg 12 MAGNESIUM
REINFORCED MAGNESIUM ALLOY HOUSING
XP50 LRF
ULTRANEXUS
TO FIND A DEALER NEAR YOU, SEE CONTACT DETAILS BELOW:
WWW.ULTRANEXUS.CO.ZA | WHOLESALE@ULTRANEXUS.CO.ZA | 083 559 0001

Die nuwe LED-ligopsie kan tot 25 000 lumen gekombineerde beligtingskrag gee om nag in dag te verander en veiligheid en produktiwiteit te verhoog.

New Holland het sy gevestigde kundigheid in trekkerkajuitontwerp gebruik vir dié kajuit, wat met 360 grade uitsig spog. Die kajuit bied klasleidende ruimte en gemak en uitstekende algehele sigbaarheid met 'n ongeëwenaarde uitsig oor die voorkant van die voertuig en die vurk wanneer dit heeltemal laat sak word. Hierdie ekstra sigbaarheid het 'n groot invloed op produktiwiteit.

'n Sitplekgemonteerde stuurstok is beskikbaar vir ergonomiese uitnemendheid wat veral moegheid bestry, en die kajuit spog met 'n helder en sigbare instrumentpaneel. Gemaklike bestuur maak al die verskil tydens lang werkskofte met 'n uiters gerieflike, verhitte sitplek.





## Verbeterde gehalte en duursaamheid

Die TH7.32-teleskopiese hanteerder beskik oor 'n dubbele U-vormige robotgesweisde balk wat buitengewoon sterk en duursaam is. Die H-vormige onderstel het massiewe wringsterkte en is ontwerp om in die veeleisendste toepassings te werk. New Holland gebruik die nuutste vervaardigingstegnieke in die produksielyn vir TH-modelle. Robotsweiswerk is 'n belangrike vervaardigingsproses en verseker volgehoue gehalte tydens die onderstel- en balkkonstruksie.

Hidrouliese dempers verseker gladde terugtrekking en verlenging. Die dempers beskerm ook die balk en operateur teen gereelde stampe en skudding. Die TH7.32 is ontwerp met 40/60 gewigsverspreiding, wat die behoefte aan aangehegte teengewigte uitskakel en verseker dat maksimum stabiliteit en trekkrag bereik word wanneer dit gelaai word.

## Uitstekende hysontwerp

Met die TH7.32 kyk die balksilinder naby die skarnierpunt agtertoe en albei silinders strek in teenoorgestelde rigtings wanneer die balk opgelig word. Hierdie "teenoorgestelde aksie"-ontwerp verbeter die beheer van die balk en die algehele stabiliteit aansienlik.

Die laer swaartekragpunt en langer 3 m "hoek tot hoek" asafstandkonsep, tesame met die agtergemonteerde balk, dien as 'n ingeboude teenbalans wat hierdie teleskopiese hanteerder moeilik maak om te klop. Dit kan voorwerpe so hoog as 7 m lig en het 'n kapasiteit van 3,2 t.

Die TH7.32 kom standaard met die palletvurke, maar daar is ’n volledige reeks van plaaslike koppelstukke wat jy saam met jou eenheid of later kan bestel.

Verskillende grootte bakke, kuilvoerbakke en baalhanteringvurke en klampe is beskikbaar.

## Uitstaande enjinkrag en hidroulika

Die TH 7.32 se turbo-aangejaagde 4,5-liter viersilinderenjin voldoen aan vlak 3-uitlaatgasbepalings, met uitstekende kraglewering van 98 kW en 549 Nm wringkrag teen 1 500 opm, wat dit moontlik maak om enige taak gemaklik te hanteer.

Kragtige hidroulika verseker dat 'n hoëverrigting veranderlikeverplasingsuierpomp 'n maksimum van 140 liter/min lewer, wat veelsydigheid in alle toestande bied met twee opsionele voorste hidrouliese hulpafsetpunte en bykomende agterste hulplyne.

Die New Holland TH 7.32-teleskopiese hanteerder is 'n uitstekende keuse vir ophys en materiaalhantering op die plaas danksy groter hysvermoë, beter reikwydte, vinniger siklustyd en uitnemende beweeglikheid en stabiliteit wanneer daar met vragte gewerk word.

Met al die krag en wringkrag wat 'n boer nodig het om die moeilikste take op alle terreine te verrig, tesame met uitsonderlike brandstofdoeltreffendheid, kry hierdie nuwe model die werk vinnig en doeltreffend gedoen.



Vir meer inligting, kontak jou naaste New Holland-handelaar of Derrick Coetzee by **(+27)82-524-7447**, of stuur 'n e-pos na **derrick.cotzee@cnh.com**.


SPORT UTILITY VEHICLES
mahindra
Mahindra Scorpio N
Starting From
R6 599
*PER MONTH
NO DEPOSIT
SCORPIO N
Mahindra XUV300
Starting From
R3 999
*Per Month
NO DEPOSIT
XUV700
XUV300
Mahindra XUV700
Starting From
R5 799
*Per Month
NO DEPOSIT
RVMG
Mahindra Alberton
087 803 1108
www.mahindraalberton.co.za
T&C Apply, E&OE



**Majestic, magnificent, masculine:**

# Mahindra Scorpio-N

**by Ashleigh Schubert**

Imagine this: dirt roads, rocks flying, dust clouds … and the powerful roar of a Mahindra engine echoing through it all.

This can be your reality if you choose Mahindra. No road is too much of a challenge for this mighty vehicle.

During a recent visit to Botswana, ProAgri put this vehicle to the test. We are privileged enough to be sponsored by Mahindra, which allows us to go visit anyone, anywhere, without any concerns about the condition of the road. Despite driving on the off-road, it felt like highway all the way with the smooth luxury ride.

From cruising around on muddy and uneven farms to the hilly paths next to the Crocodile River, the Mahindra made every obstacle feel like just a tiny bump in the road. We drove this vehicle on every terrain imaginable: highways, farm roads, muddy roads, dusty roads, uphill, downhill, over rocks, through puddles … everything except snow! Arriving on the other side, we felt well-rested and positive, despite the long journey.

The comfortable and luxurious leather interior, display screen, Bluetooth and sunroof made this feel like our home away from home. The long journey has never felt as stress-free as when it is taken on with this vehicle.

Botswana reaches incredibly high temperatures of up to 40 degrees. Luckily, we didn't even break a sweat with the powerful aircon blasting on us. Those sitting in the back seats aren't missing out on fresh, cool air either, as they have their own aircon which they can adjust as desired.

Even with three people, multiple suitcases, and camera equipment, we had more than enough space in the vehicle for all of our baggage. With room to spare, we could still fit in a few more passengers, if that was our need. The Mahindra has enough seating for seven people.

Fuel consumption on this vehicle is like something from a dream. Driving all the way from Pretoria to Machaneng in Botswana, about another hour on the farm, plus a few added stops, we only had to fill the tank twice.

Should you find yourself on a long, monotonous road, without much to look at, simply stop your car, get out and look at the vehicle – that is a nice enough view! This vehicle is not only top-quality inside, but outside as well. The robust wheels, masculine exterior and shiny appearance looks beautiful, especially when basking in the rays of the sunset. Even when covered in dust and dirt, it can't take away from the splendour and majesty of the Mahindra.



**The Mahindra Scorpio-N is not only robust and powerful, but also beautiful.**




**Even when covered in dustand dirt, it can't take away from thesplendour and majesty of the Mahindra.**



**From tar roads to muddy fields, this vehicle is ready to take on any terrain.**



**Despite the sweltering Botswana heat, we were cool and comfortable in the luxurious Mahindra.**

**Contact information**

If you too want to drive around in the vehicle of your dreams, contact Mahindra Alberton at info@rvm.co.za, on (+27)87-803-1108 (vehicle sales) or (+27)87-803-1777 (parts and services booking). You can also visit their website at www.mahindraalberton.co.za.

MASSEY FERGUSON

# SAAM VIR DIE LANGE DUUR
# MASSEY FERGUSON EN DIE BOER

deur Maryna Steyn

KYK DIT OP YouTube



Die kragtige, gesonde dreuning van die Massey Ferguson 7620 se AGCO Power-enjin op Enkeldoorn naby Lydenburg, is die klank van voorspoed en sukses. Dit is die mees onlangse toevoeging tot die groot reeks MF-trekkers op Jaco Coetser se plaas, waar MF trekkers reeds jare lank diep, goeie spore in sy boerdery trap.

Jaco is gebore en getoë in die Badfontein-omgewing waar sy pa saam met sy oupa geboer het. "Ek het grootgeword met die MF 188 en die 290 waarvan ons daardie jare 'n klomp op die plaas gehad het," onthou hy. "Ons het op daardie stadium drieskaarploegies met hulle getrek."

Toe die Braam Raubenheimerdam (vandag die Kwenadam) gebou is in die vroeë 1980's, het die staat 'n stuk van die plaas in Badfontein uitgekoop en toe het Jaco se oupa, Giel, Enkeldoorn gekoop. Sy oupa is oorlede in 1996, en sy pa in 1997, en dit is hoe die plaas in Jaco se hande beland het.

"Die boerdery het baie verander vandat ek by my oupa oorgeneem het," verduidelik Jaco. "Toe ek oorgeneem het was dit meestal droëlandsaaiery en beeste. Ek het intussen besproeiing bygebring vir koring in die winter."

Lydenburg se omgewing is baie bergagtig en dit maak dat boere dikwels veelvoudige klein landerye het om te bewerk. "Ons het nie groot lande soos in die Vrystaat nie; ons het kleiner lande waar die kleiner trekkers beter inpas.

In daardie distrik is daar ook hoofsaaklik kleiner boere wat ongeveer so 200 tot 300 hektaar bewerk. Jaco is egter geseën om op bykans 1 000 hektaar te boer.

## Massey Ferguson van toeka tot nou

"Toe ek op die plaas aangekom het in 1997 was daar darem 'n MF 2720 gewees wat ek saam met die MF188 geërf het, en so het ons maar opgegradeer. Eers van die MF 650, toe die MF 680 en later die MF 6495. Nou trek ons al by die 7000-reeks. Die kleintjies het seker die grotes gekoop," glimlag hy.

"My oupa het glo tussen 1978 en 1981 die MF 188 by die handelaar op die dorp gekoop. Dit het al hard gewerk met die drieskaarploeg trek, maar nou trek dit hoofsaaklik die voermenger of die bossiekapper."

Jaco vertel dat die klein trekkers baie prakties is in sy omgewing. "Jy kan dit gebruik om sleepwaens met voer, saad of kunsmis te sleep, beeste toe te gaan, baler te trek ... Die grotes gebruik ons meestal vir grondvoorbereiding en om die geenbewerkingplanters te sleep."

Daar is verskeie redes waarom Jaco soveel jaar later steeds op Massey Ferguson vertrou. "Eerstens, die dieselver-

bruik is baie goed," noem hy. "Dan, die tegnologie wat die vervaardiger gereeld in hulle werktuie byvoeg, en laastens die betroubaarheid van die masjiene.

"Die groot modelle op die plaas is veral betroubaar – daar is geen moeilikheid nie en geen brekasies nie. Jou staantyd is baie minder."

## Groot spore op Enkeldoring saam met Lybasol

Elke trekker op Jaco se plaas is verskaf deur die Massey Ferguson-handelstak, Lybasol, in Lydenburg.

Volgens Jaco is sy verhouding met die handelaar eintlik net soos familie. "Ek onthou hoe ek as kind saam met my oupa en pa daar was en ek het eintlik grootgeword agter in die pakkamers en tussen die Lybasol-rakke. Francois Potgieter is so twee tot drie keer per week by my om 'n koffie te drink en na die trekkers te kyk.

"As jy 'n Massey Ferguson by Lybasol koop, kry jy betroubaarheid, goeie diens en hulle is gereeld op die plaas – hulle trap eintlik jou drumpel deur!" terg hy.

"Jy kan net die foon optel en enige tyd kry jy hulp, al is dit na ure. Hulle sluit die winkel oop, kry die onderdele en bring dit na jou. Dit is wonderlik om hulle as 'n handelaar te hê," beaam Jaco.



**Die oudste trekker op Enkeldoorn, die MF 188, werk nog steeds voorbeeldig en fluks.**

## Tot jou diens vir meer as 60 jaar

Francois is die besturende direkteur van Lybasol. Hy stap al hierdie pad saam met die Coetser-familie vir baie jare. "Ek het self gesien hoe oom Giel nog daardie tyd geploeg het met drieskaarploeë met die MF 188 en later die MF 290's. Ek het gesien hoe 'n MF gehelp het om hierdie plaas asook van die ander gronde wat hulle het mak te maak, op die been te bring en vooruit te gaan om uiteindelik vir Jaco die suksesvolle boer te maak wat hy vandag is," getuig Francois.

"My gevoel is dat MF boerdery in Suid-Afrika op die been gebring en gevestig het, reken hy. "Dit het my 'n geleentheid gebied om my onderneming te bou, vir my gesin te sorg en daarvoor is ek ewig dankbaar.

Lybasol het gedurende die vroeë sestigerjare die Massey Ferguson-agentskap verkry. Dit maak hulle een van die oudste MF-handelaars in Suid-Afrika.



**Sleep, ploeg en plant, die MF 7620 werk hard en getrou op Enkeldoorn.**




**Francois Potgieter is die besturende direkteur van Lybasol, die MF-handelaar in Lydenburg.**

Francois lig sy mening oor die handelaar se benadering tot diens. "Kyk, Lybasol probeer om nie altyd die goedkoopste te wees nie, want dit is nie moontlik nie. Tog, ons sterkpunte al die jare was ons onderdele en diens." Hy bieg verder dat sy benadering dalk onkonvensioneel mag wees. "Ons hou eintlik uit 'n sake-oogpunt te veel onderdele aan, maar ons hou daarvan dat ons vir 'n boer wat hier instap kan gee wat hy nodig het.

"Sou ons om die een of ander rede nie iets beskikbaar hê nie, sal ons dit so gou as moontlik in die hande kry." Dit is die sterkpunt waarop Lybasol oor die jare gekonsentreer het. "Ons weet die boerdery moet aan die gang gehou kan word," voeg hy by.

Van die handelsnaam vertel Jaco die volgende: "Ek dink MF sal altyd op die plaas wees. Hulle bring elke jaar nuwe tegnologie en verwikkelinge uit. Massey Ferguson is aan die voorpunt van tegnologie en ek dink my seun, Jerrie, sal ook aangaan met Massey Fergusons op die plaas," droom hy oor die toekoms.



**Jaco Coetser, Massey Ferguson-boer van Enkeldoorn naby Lydenburg.**




Spoor jou naaste Massey Ferguson handelaar op deur die web-tuiste te besoek by www.masseyferguson.co.za






BEAUVAIS HOË PERDEKRAG TREKKERS:
110 -272kW



GLOBAL SERIES TREKKERS:
61 -98 kW



BOORDTREKKERS:
55 - 63 kW

**KONTAK JOU NAASTE MF-HANDELAAR. WWW.MASSEYFERGUSON.COM**
EERSTE KOM EERSTE MAAL. TERWYL VOORRAAD HOU.

AGCO FINANCE

Aanvangsfooi en diens mag van toepassing wees. B's & V's geld en finansiering is onderhewig aan goedkeuring deur AGCO Finance, 'n produk van WesBank - 'n afdeling van FirstRand Bank Bpk. 'n Gemagtigde finansiële dienste en geregistreerde kredietverskaffer. NCRCP20.

Bepalings & voorwaardes geld: 25% deposito, 36 maande leningstermyn, vaste rentekoers, maandeliks terugbetaling. Geldig vanaf 1 Feb 2024.

'n Produk van WesBank

MASSEY FERGUSON

©2024 AGCO Corporation. E&OE

## Die nuutste in landboutegnologie van regoor die wêreld

# Landini sien uit na die volgende 140 jaar



**Landini is 140 jaar oud en bly steeds toepaslik in 'n vinnig ontwikkelende bedryf met nuwe ontwikkelings soos hierdie REX4 Full Hybrid-trekker**

Landini, geskiedkundige trekkerhandelsmerk van die Argo Tractors-groep in Italië, vier vanjaar sy 140ste bestaansjaar met die vrystelling van die onlangs ontwikkelde REX4 Full Hybrid-trekker. Die REX4 het 'n dieselenjin gekombineer met 'n elektriese motor.

Die grootste nuutjie van die Electra–Evolving Hybrid-stelsel is sy elektriese voorwielaandrywing, elektronies beheerde kajuitvering en semi-outomatiese ratkas, wat die REX4 nog beter hantering, groter gemak en gebruiksgemak verleen.

Die belangrikste nuwe kenmerk is die volledig elektriese voorwielaandrywing met hangas, met twee onafhanklike elektriese motors en gepaardgaande sensors, elektroniese kontroles, kragopwekker en battery wat toegewy is aan energieherwinning onder rem en lasvermindering.

Die hele stelsel word beheer deur die PMS (Power Management System), wat die werking van alle toestelle beheer, insluitend die battery en beheermotor en kragopwekker via hulle onderskeie omskakelaars.

**Met die kruiskragtrekker beloof Landini die volgende voordele:**

- Geniet 10% brandstofbesparing.
- Trek voordeel uit 15% beter stuurhoek vir kleiner draaisirkels en makliker bewerkings.
- Ervaar groter stabiliteit tydens vervoer danksy volle integrasie met die huidige elektriese stuurstelsel.
- Kies die verhouding tussen die voor- en agterwiele om by jou behoeftes te pas.
- Geniet die nuwe elektronies beheerde kajuitvering met 'n semi-aktiewe stelsel soortgelyk aan dié wat reeds op hoë-spesifikasie-oopveldtrekkers beskikbaar is. Die kajuit hang aan vier punte en is toegerus met twee passiewe voorveringstelsels, terwyl twee anti-dempende hidrouliese skokbrekers wat deur 'n elektroniese sein beheer word, vibrasie aan die agterkant verminder.
- Ratwisseling is nog makliker danksy die bekendstelling van die semi-outomatiese ratkas wat 'n beheerstok in die plek van 'n konvensionele meganiese hefboom (aandrywing per draad) het. Die beheerstok stuur sy insette na die elektroniese beheereenheid (ECU) wat die aandrywers bedryf wat die ratte oorskakel. Benewens ten volle outomatiese verskuiwing, bied hierdie oplossing die bykomende voordeel van laer geraas en besoedelende uitlaatgasse.

## 'n Ryk geskiedenis

Dit was 1884 toe Giovanni Landini Officine Landini gestig het as 'n wynmaakmasjineriefabriek in Fabbrico, Italië, waar Argo Tractors se hoofkwartier vandag nog gevestig is. In 1910 is die eerste vaste warmbolenjin hier vervaardig, en in 1925 het die eerste trekker die lig gesien: die Landini 25/30 HP.

Vanjaar is ook die dertigste herdenking van Landini se verkryging deur die Morra-familie, wat saam met die daaropvolgende toevoeging van McCormick in 2007 tot die stigting van Argo Tractors sou lei.

In 2021 het Argo Tractors by Motor Valley aangesluit, 'n vereniging wat 'n strook grond in Noord-Italië verteenwoordig wat wêreldbekend geword het vir megatroniese produksie en wat die tuiste is van bekende motorhandelsmerke, waaronder Ferrari en Maserati.

"Passie en vernuwing is die sleuteldrywers wat ons oor die jare gelei het," sê Valerio Morra, president van Argo Tractors. "Dit maak ons ambassadeurs van 'Vervaardig in Italië', trots verteenwoordig in die buiteland, waar ons ons teenwoordigheid uitgebrei het met die skepping van nuwe takke en ons netwerk gekonsolideer het. 140 jaar is 'n historiese mylpaal wat ons onder die wêreld se oudste vervaardigers plaas en ook 'n rede is om met trots aan te beweeg".

## Boere verwelkom die nuwe tegnologie in die Ecorobotix ARA-spuit

Die toepassing van kunsmatige intelligensie (KI) in praktiese oplossings kan die sleutel tot die toekomstige sukses van landboumaatskappye hou. Een so 'n maatskappy wat die transaksie beklink, is Ecorobotix, gebaseer in Switserland, wie se intelligente ARA-spuit in 'n baie kort tyd tot multi-miljoen dollar verkope gelei het.

In Nederland alleen moet die maatskappy hierdie lente 90 nuwe masjiene aflewer.

Hierdie masjien bied 'n kombinasie van spoed en akkuraatheid wat besparings van tyd en chemikalieë tot gevolg het. Die maatskappy belowe op sy


VERMILLIAN VERF
(Pty) Ltd.
Vermillian Paint · Verf
Sedert 1980 Since
Wayne Dalziel
Oos Kaap
082 626 8635
Johann Wilhelm
Port Alfred
078 782 5034
J.P de Beer
Gauteng
060 803 4073
Vincent Kruger
Noord-Wes
072 545 8455
Johan Vermeulen
Noord Kaap
078 782 5034
ONS KOERIER LANDSWYD
www.vermillianpaint.com
SPAAR R100 elk of KOOP al 4 vir R2466.00
5L Verust
3 in 1 Produk teen Roes
Was R899
R799.00
5L Black Strap
Alkyd Based Bitumen Seëlaar
Was R699
R599.00
5L Silver
Alkyd Aluminium Silver
Was R779
R679.00
5L Iscor Black
100% Skoon Teer
Was R589
R489.00
SAPMA


Xolar Energy
THE SUN IN YOUR HANDS
Renewable Energy
NOW A NECESSITY FOR SUSTAINABLE FARMING
Cost-effective
Long-term investment
Sustainable practices
Energy Security
Let us assist you with Grid-tie, Off-grid or Solar & Generator Integration to power up your agricultural requirements
Glen Victor: (+27)79-583-3319 | Kevin Anderson: (+27)82-434-9631
Hannes Harmse: (+27)81-069-8384 | sales@xolarenergy.co.za


MONITOR
KUNSMISVLOEI
3JAAR WAARBORG
ELECTROLEE
www.electrolee.co.za
072 181 5266

webwerf: "Teenoor konvensionele spuitmetodes stel ARA jou in staat om die gebruik van gewasbeskermingsprodukte met tot 95% te verminder!"

Die spuit van ses meter breed kan deur 'n standaard mediumgrootte trekker gesleep word en hy het sy eie beheerskerm wat in die kajuit gemonteer is. Dit kan in die meeste van die hoofgewasse soos groente, ander rygewasse en selfs weidings gebruik word.

Kameras moniteer die gewasse teen 'n werkspoed van 7 km/h en algoritmes word deur kunsmatige intelligensie toegepas om gesoekte en ongewenste plante op te spoor. Elk van die 156 spuitpunte is toegerus met 'n solenoïdeklep wat binne 'n breukdeel van 'n sekonde kan oop- en toemaak om direk op die teiken te spuit met 'n presisie van 6 x 6 cm.

ARA kan vier hektaar per uur behandel, en dit kan dag en nag werk.

Alle data word in reële tyd aangeteken en ontleed en stel die boer in staat om die ontwikkeling van sy landerye te bestudeer deur die data wat ingesamel is met vorige resultate te vergelyk.

"Met ons stelsel is daar 'n skouspelagtige afname in die gebruik van gewasbeskermingsprodukte, aangesien ARA slegs spuit wat gespuit moet word – en niks anders nie," sê Loïc Wüthrich, tegniese verkoopsingenieur by Ecorobotix.

**Die maatskappy verfyn die algoritmes vir mielies, maar aanvanklike resultate is indrukwekkend:**

- Afname in die gebruik van gewasbeskermingsprodukte: 70 tot 80%
- Opsporingskoers: 95%
- Behandelingskoers: 95%

Volg hierdie skakel om na 'n video te kyk wat die ARA beskryf: https://www.youtube.com/watch?v=TkyL0j1PyZU&t=152s



**Die skeppende tegnologie sal nie net beskikbaar wees vir groenteboere soos baie ander soortgelyke ontwikkelings nie. Graanboere kan ook kennis neem.**

## Tuisgemaakte kapper/strooier van Doer Onder

As standaardmasjinerie nie doen wat jy wil hê dit moet doen nie, maak jy self 'n plan. Dit is presies wat die Wandel-familie van MR & HL Wandel Farms in Australië gedoen het.

Hulle het gevind dat die gekapte strooi nie wyd en eweredig genoeg agter hulle stroper versprei word nie, veral as hulle teen hoë spoed werk. Om dit te verbeter, het die boerdery 'n indrukwekkende 18 m-kapper/strooier gebou.

Neil en Mary Wandel en seuns Scott en Mark, geleë op Scaddan in die weste van Australië, verbou graan en bone op meer as 10 000 ha. Die plaas bedryf sedert 2004 'n streng beheerde spoorverkeersboerderybeleid met alle voertuie op 'n 3 m-spoorwydte en 18 m-tremlyne.

In minder as ideale toestande het hulle egter gevind dat daar te veel gekapte strooi direk agter die stroper was en minder op die buitenste dele. Uiteindelik het die gesin besluit om strooi in 'n aparte operasie te kap en te versprei en Mark het aan die werk gespring om die toegewyde sleepmasjien te ontwerp en te maak.

Die robuuste kapper/strooier word agter 'n John Deere 8R 340 gesleep. Die dubbelas-eenheid van 18 m gebruik 'n opteller om strooi te versamel en tot op die kapper op te lig vanwaar dit via vervoerbande na ses draaiende strooiers vervoer word.



"Klimaatkenners kan nie regtig voorspel wat die komende seisoen inhou nie en boere moet voorbereid wees op die moontlike gevolge van die klimaat. Klimaatmodelle dui daarop dat El Niño in die toekoms meer dikwels kan voorkom en tot uiters droë, warm toestande kan lei."

Die gebied waar rooibos verbou word is nog altyd deur droogte geteister, maar hoër gemiddelde temperature kan in die toekoms die groei en fisiologie van die plant beïnvloed. "Die bedryf hou nogal 'n oog daarop," sê Martin.

"Klimaatsmodelle voorspel 'n gemiddelde toename van 2,7 tot 3,2 grade Celsius per jaar, terwyl die winterreënvalvoorspellings wissel van 52 mm minder per jaar, tot 32 mm meer per jaar.

Hy sê die Model vir Interdissiplinêre Navorsing oor die Klimaat (MIROC) verskaf meer konserwatiewe voorspellings met minder dramatiese temperatuurstygings en hoër reënval."

Dit dui daarop dat vir die tydperk tussen 2041 en 2070 die toestande vir rooibos op die hoërliggende dele van die tradisionele kweekgebied dieselfde sal bly. Aan die Weskus nader aan die see en veral in laerliggende gebiede waar die grond vlakker is, sal toestande minder gunstig wees, terwyl dit in hoërliggende, bergagtige gebiede in die suide meer konstant sal wees.

Dit beteken dat rooibosverbouing in die toekoms in die koeler, natter gebiede beter oeste behoort te lewer.



**Bedryfsliggame**
Die SA Rooibosraad (SARC), verteenwoordigend van die verwerkers en verpakkers in die bedryf en die Rooibosprodusentevereniging, verteenwoordigend van die boere in die bedryf, sien om na die belange van hulle onderskeie lede, sowel as die rooibosbedryf as geheel. Volgens Marthané Swart van die SARC kan lede van die bedryf vrywillig by die twee liggame aansluit. "Die Rooibosraad se bedrywighede word befonds deur 'n vrywillige heffing wat aangewend word om die mandaat van die Raad te vervul," sê sy.

Marthané meen dat die toename van verskillende tipes rooibosprodukte op



**Die rooibos word met 'n masjien in ewe lang stukkies gesny en gekneus voor die gistingsproses begin. (Bron: SA Rooibosraad)**



**Gedurende die gistingsproses word die rooibos op die droogblaaie uitgesprei en meganies omgekeer om dit te deurlug. Dit word natgegooi en in hope gestoot om tussen tien en veertien uur lank teen tussen 34 en 38 ºC te sweet. Die gistingsproses behels oksidasie wat aangehelp word deur ensieme wat in die plant teenwoordig is. Die proses verkleur die tee van groen tot geelbruin terwyl die besondere geur ontwikkel word. Die tee word dan versamel en in 'n verwerkingsaanleg gepasteuriseer.**
**(Bron: SA Rooibosraad)**

winkelrakke goed is vir die bedryf. "Die volumes van rooibos het oor die afgelope vier tot vyf jaar van ongeveer 19 000 tot 22 000 ton gegroei. Die oorgrote meerderheid van die volumes word steeds gebruik in tee. Alhoewel daar baie produkte op die mark is, moet 'n mens in ag neem dat die produkte meestal klein hoeveelhede rooibos gebruik, so dit word nie as 'n uitdaging vir die teemark gesien nie."

Volgens Dawie is die toekoms van rooibos darem verseker. "Rooibos word al ongeveer 100 jaar kommersieel verbou. Bestaande kundigheid, verbeterde praktyke en vernuwing sorg vir die voortbestaan van die produk."

**Vir meer inligting kontak Marthané Swart by Marthane@skaa.co.za of besoek die webtuiste https://sarooibos.co.za/vision/**

**Bronverwysings**

Genis, A. (2023) *Rooibosboer span die natuur in teen struikelblokke.* Landbou.com https://www.landbou.com/landbou/bedrywe/tuinbou/rooibosboer-span-die-natuur-in-teen-struikelblokke-20230203

Smith, N. (2024) Rooibos: *Bemes só vir hoogste opbrengs.* Landbou.com https://www.landbou.com/landbou/bedrywe/akkerbou/rooibos-bemes-so-vir-hoogste-opbrengs-20240202

Smith, J., Hardie, A. (2024) *Determination of optimal soil Hand nutrient concentrations for cultivated rooibos tea using the boundary line approach.* https://doi.org/10.1080/02571862.2023.2259860
https://www.tandfonline.com/doi/full/10.1080/02571862.2023.2259860

Trenchard, T. (2023) *Trendy rooibos tea finally brings revenues to Indigenous South African farmers.* NPR.org https://www.npr.org/sections/goatsandsoda/2023/05/27/1176439193/local-farmers-in-south-africa-were-cut-out-of-rooibos-tea-cash-now-change-is-bre

Van Schalkwyk, R, Hofman, J.E., Hardie, A., Van Zyl, J.L. (2023)
*Soil water dynamics and biomass production of young rooibos (Aspalathus linearis) plants* https://www.nature.com/articles/s41598-023-41666-5.pdf#:~:text=It%20was%20reported%20by%20Stassen7%2C%20who%20did%20research,can%20increase%20stored%20soil%20water%20by%20conserving%20rainfall

WesBank
WesBank is a division of FirstRand Bank Ltd, an Authorised Financial Services and Registered Credit Provider, registered under NCRCP20.

WACKER NEUSON all it takes!

# Finance your next machine at up to Prime -10.5%*

**Financing offers available for:**
- RD7Hf Walk-behind Roller
- EZ17e Excavator
- ET66 Excavator
- ET75 Excavator
- TH627 Telehandler
- 3507 Telehandler
- 5085 Wheel loader
- 8155 Wheel loader



Finance available at various rates for individual machines over 36 months with a minimum deposit of 15%, subject to approval. Structured repayment options available. Initiation- and service fees may apply. T&Cs apply. Available in South Africa only.

***The maximum rate of prime -10.5% is applicable only to the 3507 Telehandler.**

www.wackerneuson.co.za
info.johannesburg@wackerneuson.com
+27 (0)11 672 0847


Dit alles begin met 'n besoek aan die mens-mense.
Na meer as 'n 100 jaar van betroubare dienslewering en die verskaffing van gehalte produkte aan die landbousektor, spog Kaap Agri vandag met 'n uitgebreide voetspoor regoor Suid-Afrika en Namibië. Ons landboudienste sluit in Agrimark, Wesgraan, Meganisasie en Pakmark, met Liquormark en Expressmark wat onlangs as kleinhandel- winkels toegevoeg is.
Hoewel baie dinge oor die afgelope eeu verander het, bly een ding konstant - die manier waarop Kaap Agri besigheid doen. Ons verstaan ons kliënte se behoeftes en streef daarna om persoonlike diens en ondersteuning te verleen, wat lewens verryk.
KAAP AGRI
Sedert 1912
Since 1912
DEEL VAN DIE KAAP AGRI FAMILIE:
AGRIMARK
EXPRESSMARK
LIQUORMARK
WESGRAAN
MEGANISASIE
PAKMARK
Ons is die mens-mense.


ALZU
VOERE/FEEDS
LICK BLOCKS
Supplements for Success
ALZU GAME BLOCK WILDSBLOK
ALZU HORSE BLOCK • PERDEBLOK
ALZU SHEEP BLOCK • SKAAPBLOK
ALZU MINERAL BLOCK • MINERAALBLOK
ALZU PROTEIN BLOCK • PROTEÏENBLOK
AVAILABLE AT ALZU FEEDS BRANCHES
www.alzu.co.za | 013 249 8900


algar@algar.co.za
www.algar.co.za
082 324 6256
ALGAR
IND BK
Visit us at NAMPO
we moved to F32
Veehanteringstoerusting
Livestock Handling Equipment
JAY-LOR



# Grasse van Suid-Afrika deel 3: Vals pluime

deur Ashleigh Schubert

Grasse het verskillende bloeiwyses. Die bloeiwyses verander volgens hulle ouderdom, daarom is dit die beste om grasse te probeer identifiseer tydens blomfase. Dit is wanneer die meeldrade en stempels sigbaar is.

In deel drie van die grasse-reeks word grasse wat in die kategorie van vals pluime val, van nader bekyk.

### Kleinwitbaardgras *(Andropogon eucomus)*

Hierdie tipe gras kom voor in nat gebiede, veral in tropiese Afrika en Madagaskar. Jy sal dit byvoorbeeld in vleilande of langs riviere vind. Dit groei gereeld in versteurde sandgrond. Alhoewel hierdie gras onsmaaklik is en nie veel weiding vir jou diere kan bied nie, speel dit steeds ’n belangrike rol. Dit help om klam, versteurde grond te stabiliseer. Verder kan dit gebruik word om swak gedreineerde grond te identifiseer. En dit lyk pragtig in blommeranskikkings! Jy sal hierdie gras sien blom tussen November en Mei.

**Hoe ken ek dit uit?**

- Rooi halms
- Wit, donserige are en lang, wit hare
- Die blare is aan die onderkant van die plant
- Die blaarskede is afgeplat

### Grootwitbaardgras *(Andropogon huillensis)*

As jy iewers tussen September en Junie in Sentraal- of Suidelike Afrika is, sal jy dalk hierdie gras teëkom. Net soos kleinwitbaardgras, waarmee dit soms verwar word, kom dit in nat gebiede voor. Jy sal dit selfs partykeer in waterslote langs paaie kry! Net soos sy tweelinggras, kan dié een ook gebruik word om versuiptoestande in grond te identifiseer. Afhangende van hoe hard die gras is, kan dit gebruik word vir ’n gemiddelde hoeveelheid weiding.

**Hoe ken ek dit uit?**

- Rietagtige polgras
- Silwerwit bloeiwyses
- Veeragtige bloeiwyses
- Een duidelike wit hoofaar

### Bootjietamboekiegras *(Hyparrhenia cymbaria)*

Water is hierdie gras se kos! Bootjietamboekiegras groei in gebiede waar dit baie reën, soos aan die rande van woude en in skaduwee naby waterstrome. Jy sal dit ook teen oop steiltes aantref. Vóór blomstadium is hierdie gras heerlik vir weiding, mits dit kort gehou word. Dit kom veral voor in Afrika, Madagaskar en die Comoro-eilande, tydens November tot Junie.

**Hoe ken ek dit uit?**

- Die halms is nie regop nie
- Helderkleurig en papieragtig
- Een duidelike hoofaar met ’n growwe rand
- Polgras



**Bootjietamboekiegras (bron: Blue Forests Safaris)**



**Kleinwitbaardgras (bron: Waterfall City)**

### Rooigras *(Themeda triandra)*

In grasvelde en die bosveld sal jy hierdie gras in groot hoeveelhede kry. Hierdie gras is lief vir vrugbare grond en kleigrond, sowel as gemiddeld tot baie reën. Tipies blom dit van Oktober tot Julie. Hierdie gras is baie belangrik aangesien dit een van die hoofweidingsgrasse in Suidelike en Oos-Afrika is. Dit is omdat die gras smaaklik en sterk is.

**Hoe ken ek dit uit?**

- Dit het groepies blompakkies
- Die blompakkies hang na onder
- Die blompakkies het donker, gedraaide kafnaalde
- Die knope is donker
- Die bloeisels het ’n rooi kleur

# TUIS MET TEGNOLOGIE




Teen die agtergrond van Case IH se posisionering van "voel tuis by CASE", wil ons elke boer, groot of klein, gemaklik laat voel met die tegnologie tot sy of haar beskikking. Ons verstaan ook dat uitgebreide tegnologie nie oornag in 'n boerdery geïmplementeer kan word nie en daarom wil ons saam met ons boere die pad stap.

Ons streef daarna om 'n waardevolle en langtermyn verhouding met ons boere op te bou. Ons glo in 'n gemeenskaplike reis waar ons luister na die behoeftes en uitdagings van boere, en saamwerk om oplossings te vind wat werklik 'n verskil in hul landboubesighede maak.

**Ons span staan slaggereed om jou te ontvang by NAMPO.**
**Kom voel tuis by CASE.**

**www.caseih.co.za**

CASE IH



**Rooigras (bron: Australian Plants society)**

## Breëblaarterpentyngras *(Cymbopogon caesius)*

Hoewel dit veral in sanderige en klipperige grond aard, is hierdie gras glad nie kieskeurig nie en groei in die meeste grondsoorte. Moet egter nie dat dit jou 'n rat voor die oë draai nie – dit lyk smaaklik, maar smaak soos bitter terpentyn! Dit verduidelik natuurlik die naam van die gras. Hierdie gras word gewoonlik as 'n dekgras gebruik en diere wei daaraan wanneer daar geen ander opsie is nie. Die slegte smaak het tog sy voordele, aangesien dit gebruik kan word om knaagdiere weg te hou. 'n Mens kan ook olie uit die gras onttrek, wat belangrike bestanddele soos karvoon en D-limoneen bevat. Hou jou oë oop vir hierdie gras tydens November tot Mei.

### Hoe ken ek dit uit?

- Sterk, aromatiese reuk
- Bitter smaak
- Groei regop
- Heldergroen blare
- Die blare is partykeer met 'n wit waslaag bedek



**Breëblaarterpentyngras (bron: SANBI)**

## Smalblaarterpentyngras *(Cymbopogon pospischilii)*

In swaarder grond sal jy hierdie gras die sterkste sien groei. Dit kom egter ook voor in grasvelde of oop kolle.
Jy sal dit gereeld aantref saam met rooigras. Hierdie gras bevat heerlike vlugtige olies. Die olies maak die gras egter bitter en ongewild vir weiding. Sodra die gras gedroog is, kan dit as weiding dien. Jy sal dit aantref vanaf Suidelike tot die Noordooste van Afrika, veral vanaf Oktober tot Mei.

### Hoe ken ek dit uit?

- Gekneusde blare en bloeisels is aromaties
- Die blare is aan die basis van die plant
- Die blare is smal
- Die blare is blougroen

## Gewone dekgras *(Hyparrhenia hirta)*

Indien jou grond goed gedreineer, klipperig, in die grasveld of in die bosveld is, is daar 'n hoë waarskynlikheid dat hierdie gras daar groei. Dit is geneig om ander grasse te verdring. Jy sal dit ook aantref in versteurde gebiede soos ou landerye of padreserwes. As daar 'n prys was vir die gewildste weidingsgras, het hierdie gras loshande met die trofee weggestap. Dit is veral gewild vroeg in die seisoen en na 'n veldbrand. Verder is dit nuttig vir die vleg van matte, sowel as vir erosiebeheer. Kyk uit vir hierdie gras tydens September tot Mei.

### Hoe ken ek dit uit?

- Dig en regop
- Die blompakkies het wit-grys hare
- Trossies bevat vier tot sewe kafnaalde
- Trossies wys opwaarts



**Gewone dekgras (bron: NSW WeedWise)**

## Fyntamboekiegras *(Hyparrhenia filipendula)*

Hierdie gras groei in die bosveld en in die grasveld, en hoewel dit in byna enige grond groei, is dit veral lief vir klipperige grond. Dit groei in klam plekke wanneer dit in gebiede met lae reënval groei. Vroeg in die seisoen is hierdie grasse heerlik smaaklik vir weiding, maar dit neem af soos wat die gras ryp word. Dit is wel baie nuttig as 'n dekgras. Kyk uit daarvoor vanaf November tot Mei.

### Hoe ken ek dit uit?

- Slap halms
- Groei dig
- Trosse is kort, in pare en het 'n ligte kleur
- Trosse het twee bruin kafnaalde
- Trospare wys weg van mekaar



**Fyntamboekiegras (bron: AusGrass2)**

ProAgri sê dankie vir Frits van Oudtshoorn wat sy boek, *Grasse van Suider-Afrika*, beskikbaar gestel het as 'n handleiding vir die reeks. Frits is 'n weidingskonsultant en kan gekontak word by (+27)78-228-0008 of frits@alut.co.za.

Indien jy belangstel om meer oor die grasse van Suider-Afrika te leer, kan jy Frits se boek koop by Soutpansbergweg 121, Riviera, Pretoria, of aanlyn via marketing@briza.co.za.



# Groentetuin vir beginners deel 10: Saad

deur Tisha Steyn

Daar is twee maniere om groente te kweek, naamlik met saad, of vegetatief met steggies, bolle, knolle of ranke.

## Saad of saailinge

Jy kan groente kweek van saad wat jy of self geoes of gekoop het, of saailinge by 'n kwekery koop.

Saailinge is 'n gerieflike keuse, want die plantjies wat jy aankoop is nie so duur as jy dit vergelyk met die koste van saad, saailingbakke en 'n saailingmengsel wat jy aankoop nie. Een van die grootste voordele is dat jy kan sien of die plantjies gesond is. Wanneer die saailinge geplant word, word dit vinnig volgroeid en lewer gou 'n oes. Nog 'n voordeel is dat jy net soveel plantjies kan koop as wat jy nodig het.

Groentesaad is redelik goedkoop en wyd beskikbaar by kwekerye en sommige ysterware of kettingwinkels. Dit kan ook aanlyn bestel en by jou huis afgelewer word.

Daar is verskillende soorte saad beskikbaar. Baie moderne groentesoorte word uit F1-hibriede saad gekweek wat puik plante lewer omdat dit ontwerp is om in verskillende omstandighede sterk te groei en weerstandig teen peste en plae te wees. Hoewel die opbrengs puik is, word die plante nie gekweek om goeie saad te lewer nie en jy moet elke jaar nuwe saad koop.



**Saad wat vinnig ontkiem en vinnig groei kan direk in die grond gesaai word en die blaartjies kan deurlopend geoes word terwyl die plantjies groei. (Bron: Pixabay)**



**Wanneer saad te dig gesaai is, moet die jong plantjies uitgedun word om elkeen sy eie plekkie in die son te gee. (Bron: Pixabay)**

Erfenissaad *(heirloom seed)* is saad wat nog nooit geneties verander is nie, wat natuurlik bestuif en waarvan die groente keer op keer dieselfde eienskappe as die oorspronklike moederplant voortbring.

## Oes jou eie saad

Oes jou eie saad van peulplante deur dit op 'n droë, warm dag te pluk voordat dit oorryp raak en oopbars en deur die voëls opgevreet of deur die wind versprei word. Pluk 'n ryp saadpeul wanneer jy dit opmerk, plaas dit in 'n papiersak met 'n waslagie aan die binnekant en bind dit met 'n etiket vas. Bêre dit in 'n koel, donker plek.



**Twee boontjiesade wat ontkiem het, steek hulle koppies bo die grond uit. (Bron: Pixabay)**

Nat saad soos die van tamaties, spanspek, komkommers en pampoene moet eers gewas word om al die vleis te verwyder voordat dit op absorberende papier gedroog word om dit tot die volgende saaityd te bêre word.

## Verdeling vir vegetatiewe voortplanting

Nie alle plante hoef van saad gekweek te word nie. Knoffelhuisies en salotte kan uitmekaar gehaal en geplant word. Rabarberpolle kan versigtig uitmekaar getrek en uitgeplant word. Aarbeie maak lopers wat as nuwe plantjies langs die moederplant wortelskiet wat jy kan uithaal en herplant. Plant uitgeloopte saadaartappels (moere) en patats word met patatranke wat gou wortelskiet vermeerder. Steggies van kruie soos roosmaryn kan in water of in 'n groeimengsel in plantpotte aan die groei gekry word. Druk die steggies in 'n wortelgroeihormoon, fyn kaneel of heuning om wortelgroei te stimuleer voordat jy die steggie in die groeimengsel plaas.

## Saailaai of direk in die bedding?

Wortelgewasse en groente met diep wortels wat nie goed uitplant nie, word gewoonlik direk in die bedding gesaai. Dit sluit bone, ertjies, geel- en witwortels, beet, radyse, pampoene, skorsies, komkommers en waatlemoene in.

Groente wat stadiger groei en langer

groeityd nodig het, word in saailaaie gekweek voordat die warm groeiseisoen begin. Dis harde werk, maar daarom des te meer bevredigend as jy dit regkry. Dit sluit tamaties, eiervrug, rissies, lede van die kool- en uifamilie, preie en pietersielie in. Terloops, het jy geweet pietersielie is eintlik 'n tweejaarplant wat eers in die tweede jaar blomme maak waarvan jy die saad kan oes?



**Wanneer die saailinge groot genoeg is, kan dit met 'n vurk uit die bakkie gelig word en in die beddings geplant word. (Bron: Pixabay)**

Om die groeiseisoen ten volle te benut en heeljaar lank groente te oes, kan jy vroeë, mid- en laatseisoenvariëteite plant. As jy die groente oes terwyl dit nog jonk en sag is, stimuleer dit meer vrugvorming. Jy kan vanggewasse soos wortelsoorte met knolle en lang wortels, witwortels en beet, groente wat regop groei soos mielies, en groente wat vinnig volgroeid raak soos blaarslaai, babaspinasie, sprietuie en Asiatiese blaargroente, deurentyd tussen die ander groente wat langer neem om te begin dra plant.

## Watter inligting verskyn op 'n saadpakkie?

Die saadpakkie verskaf waardevolle inligting wat jou kan help om groente meer suksesvol van saad te kweek. Die inligting sluit onder meer in:

- Wanneer om te saai: Heeljaar, somer, herfs, lente, winter
- Posisie: volson, halfskadu, skaduwee
- Ontkieming: aantal dae tot ontkieming
- Oes: aantal dae tot oestyd
- Saailaaie of direk in die bedding
- Spasiëring: hoe ver uitmekaar en hoe wyd tussen rye
- Diepte waarop die saad geplant moet word
- Besproeiing: hou klam/nat

## Hoe saai 'n mens groente?

Kwekerye verkoop saailingmengsels en -houers of saailaaie wat weer gebruik kan word. Jy kan ook jou eie saailingmengsel maak met fyn klapperhaar *(coco coir)* wat groener is as veenmos *(peat)*, perliet wat die grond ligter en meer deurdringbaar vir die fyn worteltjies maak, en vermikuliet wat die mengsel meer waterhoudend maak. Die klapperhaar is in verskeie groottes en vorms gekompakteer beskikbaar en moet eers geweek word voordat dit gebruik word. Meng sewe tot agt dele klapperhaar met een deel perliet en een deel vermikuliet vir die ideale saailingmengsel.

Belangrik: Tuingrond, gekoopte potgrond en kompos is nie geskik nie want dit slaan toe, of soos die mense deesdae sê, kompakteer, wat ontkieming en vorming van fyn haarwortels moeilik maak.

Die saailaaie is geskik vir klein saadjies. Die meeste saad kan laatwinter of vroeglente in die houers gesaai word en in 'n beskermde plek toegelaat word om te ontkiem en twee blaartjies te vorm.

Warmseisoengewasse met 'n lang groeiseisoen soos tamaties, eiervrug en rissies moet van laatlente tot vroegsomer gesaai of uitgeplant word. In koue klimate sal jy waarskynlik tot vroegsomer moet wag voor jy saailinge in die warmer grond uitplant.

Groot sade soos pampoensoorte, boontjies, ertjies, mielies en suikermielies kan direk in voorbereide grond gesaai word.

## Saai in houers

Vul die saailaaie tot amper bo en maak gelyk. Spuit liggies nat met 'n handsproeier voordat jy die saad saai.

Daar is twee maniere om fyn saadjies te saai, naamlik in voortjies in die saailaai, of deur middel van strooisaai.

Maak 'n voortjie in die grond met behulp van 'n skerp stokkie. Lees op die saadpakkie hoe diep die saadjies geplant moet word. Strooi die saad in die voortjie en bedek liggies met die saailingmengsel. Baie fyn saadjies kan met riviersand gemeng word voordat dit in die voortjie gestrooi word, anders val die saad in hopies en die saailinge sal later uitgedun moet word.

Wanneer jy strooisaai word die saad eweredig oor die voorbereide grond gestrooi en met 'n dun lagie fyn grond bedek. Klein saadjies kan met riviersand gemeng en met 'n sif gestrooi word. Spuit die grond weer liggies nat met 'n handsproeier of fyn sproeikop.

Bedek die houers met karton, glas of politeen en plaas op 'n warm, beskutte plek om te ontkiem. Sodra die saad ontkiem het moet die bedekking verwyder word sodat die plantjies aan lig blootgestel word. Hou die plantjies klam, maar moenie die groeimengsel deurweek nie.

## Verspening

Wanneer die plantjies in die saailaai twee blaartjies het, kan hulle met 'n skerp stokkie versigtig uit die grond gelig word en in 'n groter bakkie met groeimengsel uitgeplant word waarin hulle tot sterk saailinge kan ontwikkel wat in 'n voorbereide bedding uitgeplant kan word.

## Afharding

Wanneer die saailinge sowat 15 cm hoog is moet hulle vir sowat twee weke buite op 'n warm, beskutte plek geplaas word sodat hulle gewoond kan raak aan die toestande en temperatuur.

## Probleme

Indien die saad te min water kry gaan dit verdroog en nie ontkiem nie. Te veel water of nat koue grond gaan die saad laat verrot. 'n Verhitte mat wat waterdig is kan onder die saailaaie geplaas word en 'n groeilamp *(growlight)* 'n paar sentimeter bo die saadlaai kan help om die saadjies te laat ontkiem.

Verlepsiekte veroorsaak dat die stingels van die saailinge verlep en op grondvlak doodgaan. Gebruik goeie gesteriliseerde saailingmengsel wat 'n middel teen verlepsiekte bevat. Jy kan ook die saailinge met 'n swammiddel met koper as basis spuit om hulle teen die siekte te beskerm.

**Bronverwysings**


Anthony, D. (2014) *Enigeen kan groente kweek.* Metz Press ISBN 978-1-928201-12-0

Barnard, S. (2017) *So maak jy: Saai in houers.* Tuis, Netwerk24 https://www.netwerk24.com/tuis/Tuine/Tuindagboek/so-maak-jy-saai-in-houers-20170914

Esterhuyse, M (2020) *Lê 'n groentetuin aan en kweek om te deel.* Tuis, Netwerk24 https://www.netwerk24.com/tuis/Tuine/Lesertuin/le-n-groentetuin-aan-en-kweek-om-te-deel-20200814

Hartney, D. (2017) *Kweek so jou eie knolgroente.* Tuis, Netwerk24 https://www.netwerk24.com/tuis/Tuine/Tuindagboek/kweek-so-jou-eie-knolgroente-20170914#:~:text=%20Rape%20sal%20in%20volson%20en%20half-skadu%20goed,jy%20enigiets%20van%2030-90%20dae%20later%20begin%20oes.

Oosterbroek, C. (2015) *Plant jou eie groentetuin.* Vrouekeur, Caxton Magazines https://www.vrouekeur.co.za/huis-tuin/plant-jou-eie-groentetuin

Rick (2021) *Homemade Seed Starting Mix.* Our Stoney Acres https://ourstoneyacres.com/making-home-made-seedling-mix

# TLU SA Jongboerkonferensie: Die toekoms van landbou saam onder een dak

deur Ashleigh Schubert

"Die toekoms van landbou."

Dít is hoe mooi Belinda Labuschagne van Belinda Boer die klomp jongboere in die vertrek opgesom het. Sy het verwys na die jongboere wat die TLU SA Jongboerkonferensie bygewoon het. Die geleentheid het op 15 Maart 2024 by die Voortrekkermonument in Pretoria plaasgevind.

Vanjaar se konferensie het gefokus op die tema om te boer vir die toekoms. Na lekker boeretroos en varsgebak het dominee Tiaan Jordaan die dag uit die Woord geopen. Sy boodskap het gegaan oor die hoop wat boere moet hê as hulle vaste anker. "Ons glo nie net in hoop nie, ons het hoop."

Daarna het Bennie van Zyl, hoofbestuurder van TLU SA, die jongboere aangemoedig om deel te neem aan georganiseerde landbou. Hy het genoem dat georganiseerde landbou iets is wat jy aktief moet kies om aan deel te neem, anders beteken dit nie veel nie.

Hy sê dat grondvlakstrukture die belangrikste is, want as jy dít sterk maak, maak dit die hele gemeenskap sterk.

"Kom ons hê hoop en entoesiasme. Wees trots, bou brûe. Dit is 'n wonderlike voorreg om aan landbou deel te neem," is die raad wat hy aan die jongboere gegee het. Hy het afgesluit deur die hoofdoel van TLU SA uit te lig: Om landbou te laat leef, en om die regte redes.

Een van die merkwaardigste sprekers van die dag was Sean Welman, van Agri Skills Transfer. Agri Skills Transfer bied die geleentheid aan jongboere om landbou in die praktyk te leer. Jongboere kan op hulle opleidingsplase gaan bly om te leer. Hy sê: "Ons hande is oop, ons harte is oop. Ons wil deel wees van die gemeenskap." 2024 is hulle 20ste bestaansjaar. Hulle bied volle diplomakursusse sowel as korter kursusse aan. Agri Skills Transfer bied ses beurse vir kort kursusse aan. Al wat jy hoef te doen om in aanmerking daarvoor te kom, is om 'n opstel van 400 woorde oor die onderwerp "Boer vir die toekoms" te skryf.

Sean het ook aangekondig dat daar 'n beurs ter waarde van R200 000 beskikbaar is vir 2025 vir iemand om 'n volledige kwalifikasiekursus by Agri Skills Transfer te volg. Dit sluit in kos en verblyf. Sean het genoem dat hulle spesifiek vir iemand die geleentheid gee wat reeds die blootstelling het, maar die kwalifikasie kort.

'n Belangrike onderwerp vir die dag was kunsmatige intelligensie. Irmarie Taljaard van PICRSA en Christian Zimelka van ZedWorks het veral hieroor uitgebrei. Irmarie is 'n kenner op die gebied van seleksie, veral in varke. Sy het die jongboere ingelig oor nuwe interessante tegnologieë wat gebruik kan word in boerdery.

Daar is byvoorbeeld kameras wat die varke in hulle hokke dophou en data aanteken van wanneer hulle staan, lê en eet. Die tegnologie van FertiBoar het die vermoë om die testes van 'n vark te ondersoek en te bepaal hoe die beer se produksiestelsel ontwikkel is en of daar enige afwykings is. Sy het boere aangemoedig om tegnologie in die boerdery te verwelkom. "Tegnologie maak die boer se hande los dat hy kan fokus op ander aspekte van sy onderneming."

Christian het beaam wat Irmarie gesê het. Hy sê as jy enigiets kan gebruik om jou te help, is dit 'n wyse besluit. Hy het aan die gehoor verskillende maniere gedemonstreer hoe kunsmatige intelligensie gebruik kan word, en hoeveel krag dit eintlik dra. Hy vergelyk kunsmatige intelligensie met die ontdekking van vuur: "Ons weet dit is 'n kragtige ontdekking, maar ons besef nog nie dit kan ons warm hou nie."

Nicky van der Linde van Geelbos Boerdery het in 2023 die Jongboer van die Jaar-toekenning ontvang. Hy het die toekenning opgedra aan sy pa. Volgens hom is 'n suksesvolle boerdery 'n fyn berekende spel met baie uitdagings en geloof. Hy sê: "Ons moet op ons knieë bly en ons koppe op die vloer hou. Hy sal voorsien."

Nicky is opgewonde oor die toekoms en het die jongboere daarop gewys dat



**Irmarie Taljaard van PICRSA**


**Nicky van der Linde, 2023 se Jongboer van die Jaar.**



**Die span van Agri Skills Transfer was by die Jongboerkonferensie.**



**Christian Zimelka van ZedWorks.**


**Bennie van Zyl, hoofbestuurder van TLU SA.**




**GP van Reede van Copperton Consulting.**

almal saam kan kla, maar nie almal wil deel wees van die oplossing nie.
Die laaste spreker van die dag was GP van Reede van Coppertop Consulting. Hy het die gehoor aan die skater gehad met sy grappies en gesingery. Die hooffokus van sy boodskap was hoe om te maak as jy wil vooruitgaan. Hy se: "Ons moet nuut dink en ons koppe oopmaak".

GP het die jongmense veral aangespoor om te gaan dink oor die rigting waarin hulle wil beweeg, hoe om dit te omskryf en watter stappe geneem moet word om daar uit te kom. Uitnemendheid is volgens hom die een ding waarna almal moet streef en wat niemand van jou kan ontneem nie.

Henry Geldenhuys is die president van TLU SA. Hy het die dag afgesluit met die volgende woorde: "Jongboere, julle is die leiers van toekomstige landbou. Ons wil vir julle hoop gee om te doen wat julle moet doen. Gaan bid jou knieë deur. Daar is baie teen ons, maar ons sal sukses behaal in geloof."
Die dag is op 'n hoogtepunt afgesluit met 'n feesmaal vir almal om te geniet. Aartappels, slaai, legendariese paptert en massas vleis het die skare se monde laat water!



**Henry Geldenhuys, president van TLU SA.**



**Mariëtte Minnaar is die sekretaresse van TLU SA en het die hele konferensie se reëlings behartig.**



**Dit is nou een ding van boere, hulle hou van 'n braai!**






**Rich crops – thanks to KSB solutions for irrigation.**

All over the world, irrigation assists in growing agricultural crops and pastures, maintenance of landscapes and revegetation of disturbed soils in dry areas during periods of less than average rainfall. A challenge KSB handles with competence. KSB has been providing pumps and valves for more than 60 years to the farming community and other industries in South Africa and Sub-Saharan Africa.
Our pumps and valves help farmers to get the water where it is needed.

Whatever the agricultural application,
KSB - the right partner for you.




KSB WATER

W: www.ksb.com/en-za
T: +27-11-876-5600

KSB

# Winsgewende skaapboerdery deel 27:

# Benut jou oesreste

deur Bianca Henning

Oesreste is 'n waardevolle voedingsbron vir herkouers. Met die uitdagings wat boere in die gesig staar, moet grond, weiding, vee en oesreste ten volle benut word om winsgewendheid te verseker.

Die natuurlike weiding in die oostelike dele van Suid-Afrika bestaan uit suurgras wat baie goeie voedingswaarde in die somer bied, maar marginaal tot laag in die winter is. Die afronding van speenlammers op weimielies met 'n lek kan aansienlike waarde tot jou mielies byvoeg.

Oesreste van kontantgewasse soos mielies, graansorghum, sonneblom en sojabone maak 'n belangrike deel van die voervloeiprogram van veeboerdery in die saaigebiede uit.

Oesreste as weidingsbron kan as goedkoop beskou word. In die geval waar insetkoste van die graanproduksie verhaal word, kan reste as byna gratis gesien word. Landerye met 'n hoë opbrengspotensiaal sal gewoonlik oor 'n hoër drakrag beskik in vergelyking met landerye van laer opbrengspotensiaal.

As oesreste reg bestuur word en die regte byvoeding gegee word, kan dit 'n betekenisvolle bydrae tot die totale voervloeibeplanning lewer. Diere moet oesreste direk na stroop benut om die beste waarde vanuit die reste te verkry, terwyl suurpens deurlopend gemoniteer moet word.



Foto: AgriOrbit

**Om die volle potensiaal van oesreste en weimielies te benut, moet onderstaande bestuursfaktore in ag geneem word:**

## Drakrag van oesreste

Oesreste het oor die algemeen baie hoë drakrag, maar die veelading moenie die drakrag van oesreste oorskry nie. Drakrag word bepaal deur die tipe gewas, graanopbrengs en die hoeveelheid reste of materiaal geproduseer.

## Voedingswaarde en algemene probleme op oesreste

Die energie-inhoud van pasgestroopte graanlande kan baie hoog wees afhangend van die hoeveelheid graan wat op die grond beland. Die hoeveelheid graan op 'n pasgestroopte mielieland wissel van 100 tot 300 kg mielies/ha en die op 'n kleingraanstoppelland van 60 tot 250 kg kleingraan/ha.

Skape wat nie op graan aangepas is nie kan suurpens (asidose) ontwikkel en selfs daarvan vrek. Die pH (suurheidsgraad) van die rumen van 'n normale skaap is ongeveer 6,5 tot 6,8. Indien die pH tot 5 en laer daal, vermeerder die melkproduserende bakterieë tot ongeveer 30% van die totale bakterie-inhoud in die rumen.

Vrektes weens skok, ontwatering en hartversaking kom voor en diere wat suurpens oorleef neem baie lank om te herstel. Skape met diarree op oesreste loop ook die gevaar van brommeraanvalle.

'n Verdere probleem met oesreste is dat die proteïeninhoud te laag is vir diere met 'n hoë voedingsbehoefte soos ooie met lammers en jong groeiende diere.

Tekorte aan kalsium, magnesium, sink en koper kom redelik algemeen op oesreste voor, wat die prestasie van diere negatief kan beïnvloed, sodat 'n lekaanvulling nodig is.

Die voedingswaarde van oesreste neem mettertyd af soos die graanpitte minder word en ook weens die selektiewe weigewoontes van diere, wat tot gevolg het dat hulle die mees voedsame materiaal uitkies.

## Gevare en oplossings

Siektes wat algemeen voorkom tydens die benutting van oesreste, is koksidiose, bloednier en pasteurella. Die toestande is spanningsverwant, omdat diere blootgestel is aan koue nagte tesame met hoë koolhidraatdiëte op mielie-oesreste asook hoë stikstofdiëte veral op sojaboonoesreste. Haarwurmbesmetting kan ook 'n probleem wees. Diere kan geënt en doseer word om siektetoestande te voorkom.

## Lekinname op oesreste

Baie min lek word aanvanklik met die wei van oesreste ingeneem, maar namate 'n gestroopte land uitgevreet raak, neem die lekinname toe. Wanneer diere weer na 'n pasgestroopte deel verskuif, neem lekinname drasties af.





## Bestuursmaatreëls om suurpens te beperk

### Aanpassingsprosedures

Om maksimum resultate op oesreste te verkry, is suksesvolle aanpassing om suurpens te voorkom ’n vereiste.

Een van twee aanpassingsmetodes kan gevolg word. Die beste metode is om vooraf daagliks mielies of mieliekoppe in die veld te voer en hulle geleidelik gewoond te maak aan die reste. Beperkte weityd plus ’n aanvullende lek is ’n alternatiewe aanpassingsmetode.

### Tyd van die dag

Dit is beter om diere aanvanklik in die middag op die land te jaag, want dan is hulle nie so honger nie.

### Bestuur diere in voorkeurtroppe

Diere met die hoogste voedingsbehoefte soos lammerooie en speenlammers moet altyd voorkeur op pasgestroopte lande kry. Dit is baie belangrik om hierdie diere betyds, eerder te vroeg as te laat, van lande te verwissel. Graan moet nog sigbaar op die lande wees wanneer die voorkeurtrop na die volgende land verskuif word.

Daar is gevind dat slegs twee dae sonder graan genoeg is om weer suurpens in ’n nuwe kamp te veroorsaak.

### Plasing van lekbakke en moniteer inname

Lekbakke moet naby waterkrippe geplaas word. Waterinname op droë oesreste is hoog. Nadat water ingeneem is, vreet hulle lek en gaan dan weer wei. Om voldoende waterinname te verseker, moet krippe daagliks skoongemaak word. Maak ook seker dat daar genoeg lekbakke en vreetspasie is.

Lekinname kan bevorder word deur meer gereeld lek te voer omdat diere vars lek verkies. Die risiko van suurpens kan ook aansienlik verminder word as bogenoemde bestuursmaatreëls gevolg word en die landelek tydens die aanpassingsperiode sowel as tydens die beweiding van oesreste of weimielies gebruik word.

## Samevatting

Oesreste is ’n uitstekende voedingsbron vir die oorwintering van vee in die somersaaigebiede asook die oorsomering van vee in die winterreëngebied. Die regte aanvulling en bestuur moet egter toegepas word om die potensiaal daarvan optimaal te benut. As oesreste korrek bestuur word en die regte byvoeding gegee word, kan dit ’n betekenisvolle bydrae tot totale voer-vloeibeplanning lewer. Diere moet oesreste direk na stroop benut om die beste waarde vanuit die reste te verkry, terwyl suurpens deurlopend gemoniteer word.

**Soos alreeds genoem is suurpens (asidose) die grootste probleem wat voorkom by beweiding van oesreste. Dit kan voorkom word deur:**

- Nie diere wat honger is op oesreste te jaag nie.
- Pas diere geleidelik aan op oesreste. Dit kan gedoen word deur eerstens graan aan skape te voer op die veld, sewe dae voor hulle lande toe gaan. Op die eerste dag kan daar met 100 g per dier per dag begin word en geleidelik vermeerder word tot dag sewe. Alternatiewelik kan weidingstyd op oesreste beperk word. Begin met 30 min op dag een en verleng tot *ad lib* weiding op dag sewe.
- Tesame met die oesreste moet ’n aanvulling gebruik word wat ’n middel bevat om suurpens te voorkom.

**ProAgri is dankbaar dat 'n legende in die landboubedryf, dr. Jasper Coetzee, sy *Handleiding vir Winsgewende Skaapboerdery* aan die lesers van ProAgri beskikbaar gestel het.**

Indien jy meer inligting oor winsgewende skaapboerdery wil bekom, bestel jou *Handleiding vir Winsgewende Skaapboerdery* vandag nog deur ’n e-pos te stuur na: **mvs@meadowcape.co.za.**






ZORVEC™

# Encantia®

FUNGICIDE

# THIS CHANGES EVERYTHING

- Delivers **3-4 more days** of disease control in potatoes than competitive products under similar conditions.
- **Rainfast 20 minutes** after application.
- **Protection of new growth**, including leaves that are less than 20% of their final size at the time of application.

## BETTER CROP MANAGEMENT FOR BETTER BUSINESS

Zorvec™ Encantia® fungicide provides an unmatched combination of consistency and control of potato late blight that can be used every season to help achieve a better crop, even under challenging conditions.

## OUR CROP PROTECTION PRODUCTS ARE AT THE HEART OF AGRICULTURE

**FOR MORE INFORMATION CONTACT THE REGISTRATION HOLDER:** Corteva Agriscience RSA (Pty) Ltd · Reg. No. 1997/003030/07 • **Paarl** +27 (0) 21 003 8259 • **Centurion** +27 (0) 12 683 5700 • 2nd Floor, Building A, Lakefield Office Park, 272 West Avenue, Centurion, 0157, Gauteng, Republic of South Africa.

**ALWAYS USE ACCORDING TO LABEL RECOMMENDATIONS:** Zorvec® Encantia® 330 SE contains famoxadone (oxazolidine-diones) (300 g/l) and Zorvec® (oxathiapiprolin) (30 g/l) • Reg. No. L11227 | Act No. 36 of 1947 • TM ©Trademarks of Corteva Agriscience and its affiliated companies. © 2024 Corteva.

**WARNING**

**HAZARD STATEMENT(S)**
Combustible liquid. May be harmful if swallowed. May be harmful if inhaled.May be fatal if swallowed and enters airways. May cause an allergic skin reaction. May cause damage to organs eyes through prolonged or repeated exposure. Very toxic to aquatic life with long lasting effects.

CORTEVA agriscience

Visit us at **corteva.co.za**



# Wildboerdery: Maak reg vir die winter

deur Tisha Steyn

Die winter kom nader, en daarmee saam talle uitdagings. Die klimaat, plantegroei en wild op wildplase verskil in die verskillende streke van die land, maar algemene riglyne kan gevolg word om te verseker dat die wild in die winter goed bestuur word om verliese te voorkom.

Kuddebestuur kom hoofsaaklik neer op die bestuur van voeding en dieresiektes. Die twee hou verband, want gesonde voeding maak wild meer weerstandig teen siektes en die spanning wat onder meer deur klimaatstoestande veroorsaak word.



**Ter wille van biosekerheid moet heinings wat springers soos koedoes en elande insluit, minstens 2,4 m hoog wees. (Bron: Pixabay)**

### Voedingsbestuur

Die belangrikste beginsel van voedingsbestuur is drakrag, want dit verseker dat die weiding op jou plaas ten volle benut word sonder dat dit weens te druk beweiding agteruitgaan.

### Drakrag

Die konsep van drakrag is oorspronklik vir grootvee wat almal dieselfde weidingspatroon volg uitgewerk. Wild het ’n ander benadering nodig om te bepaal hoeveel en watter tipe wild deur die weiding onderhou kan word. Die geskikte habitat, reënval en die gehalte en hoeveelheid weiding en die voedingsbehoeftes van die verskillende spesies moet in ag geneem word.



**’n Meerkat op die uitkyk vir ’n roofvoël, of kyk hy waar die reën bly? (Bron: Pixabay)**

Die konvensionele omskakeling van wild na ’n grootvee-eenheid (GVE) moes vervang word met ’n grasvretereenheid, wat gelykwaardig is aan ’n blouwildebees van 180 kg, en ’n blaarvreter wat gelykwaardig is aan ’n 140-kg koedoe. Deur die drakrag vir blaar- en grasvreters afsonderlik te bereken kan die plante teenwoordig op die veld optimaal benut word.

### Herkouers

Grasvreters, wat herkouers is, kan oorhoofs gegroepeer word as grasvreters, intermediêre vreters en selektiewe grasvreters.

Grasvreters is aangepas om groot hoeveelhede ruvoer wat ryk is aan strukturele koolhidrate, soos sellulose, te vreet. Hulle het lang weitydperke met tussenposes vir herkou en rus nodig. Hulle het goed ontwikkelde grootpense (rumens) om vertering deur anaërobiese gisting, te laat plaasvind.

Sommige grasvreters is massavreters, soos buffels, wat aangepas is om ’n rantsoen met hoë veselinhoud en lae proteïeninhoud te benut.

Selektiewe grasvreters, soos swartwitpense, gemsbokke en waterbokke, het ’n hoër proteïenbehoefte, maar het ook ’n hoëveselrantsoen nodig.

Intermediêre vreters sluit njalas, rooibokke, springbokke en elande in. Hulle is selektiewe gras- en blaarvreters wat ’n gemengde rantsoen verkies, maar ’n baie veselagtige voerbron vermy. Hierdie diere het ’n korter tydperk vir wei, herkou en rus nodig. Hulle verteer nie vesel so goed soos grasvreters nie en sodra die gras houtagtig raak in die winter, pas hulle aan deur meer blare, vrugte en sade te vreet. Hulle rumens is gewoonlik kleiner, minder gespierd en laat voer makliker deurvloei. Hulle maak gebruik van voor- en agtermaag-gisting.



**Om vlakvarke en bosvarke, wat draers van Afrika-varkpes kan wees, uit te hou, kan ogiesdraad onderaan die heining onder die grond begrawe word en met klippe vasgepak word. (Bron: JP Steyn)**

in die wintermaande wanneer dit koeler is geskuif of gejag en hierdie vermindering van wild moet deel vorm van die bestuursplan vir die plaas.

## Water

Water is net so belangrik vir wild as voldoende voeding. Wanneer weiding welig groen is gedurende en net na die reënseisoen, hoef wild nie so gereeld water te drink nie. Wanneer die gehalte van die weiding in die winter agteruitgaan, moet voldoende vars water voorsien word. Indien nie, sal die diere nie ruvoer kan verteer nie, kondisie verloor, swak reproduseer en meer blootgestel wees aan siektes en gure weer.

Ken Coetzee van Conservation Management Services in George in die Suid-Kaap is van mening dat waterbronne op 'n wildsplaas afhang van die toestand van die veld: hoe beter die veld opgepas word, hoe meer water is beskikbaar. Die aanvulling van grondwater hang saam met die herstel en beskerming van die veld.

Hy sê oorbeweiding is een van die belangrikste oorsake van oorbenutting van grondwaterbronne. "Oorbeweiding vernietig die beskermende laag

Hou die lading in die kamp waar hierdie wild wei laag om te voorkom dat sekere boomblare se tannienvlakke weens oorbenutting te hoog raak, wat kan lei tot vrektes.

Blaarvreters sluit wildsoorte soos koedoes, kameelperde en duikers in wat baie selektief is en aangepas is om minder veselagtige ruvoer te benut. Hulle kies plantmateriaal van hoë gehalte en moet meer gereeld vir 'n kort tydperk eet en herkou.

Diere met verskillende voedingsbehoeftes kan nie altyd in afsonderlike kampe aangehou word nie. Groepeer intermediêre vreters hetsy saam met grasvreters of selektiewe grasvreters.

## Byvoeding

Plase en wildkampe op die plaas verskil in grootte, tipografie en die samestelling van die plante. Voedingstekorte kan met die korrekte byvoeding aangevul word.

Voordat spesifieke voerkomponente soos proteïen, energie of minerale aangevul word, moet daar genoeg ruvoer beskikbaar wees om voldoende rumenvul te verseker. Ruvoer is die goedkoopste voedingsbron en 'n vesellengte van minstens 5 cm sal voldoende herkou, vertering en rumengesondheid verseker.

Die totale styselvlakke moet onder 15% gehou word, want te veel kan lei tot suurpens (asidose), diarree en selfs vrektes.

Byvoeding moet egter nie veld vervang nie, maar net moontlike tekorte aanvul. 'n Tekort sal die dier belemmer om sy ontwikkelings- en groeipotensiaal te bereik.

Mededinging tussen diere kan vermy word deur voldoende vreetspasie by



**Sonpompe wat nie deur beurtkrag geraak word nie is meer betroubaar.**

voerbakke te verskaf. Diere moet ook oor 'n tydperk van sowat 14 dae aan die byvoeding gewoond gemaak word.

## Vermindering van getalle

Wildgetalle moet aanpas by die drakrag van die veld en getalle moet betyds verminder word wanneer die toestand van die veld agteruitgaan. Selektiewe jag van diere wat nie meer produktief is nie, of uitvang en verkoop van lewende wild is 'n goeie en winsgewende opsie. Die meeste wild word

plantegroei op die bodem. Wanneer die grond oorbewei is, bak die aarde kurkdroog en die water kan nie indring nie, maar spoel weg."

Damme in rivierlope of slote belemmer ook die natuurlike vloei van water en ontneem nie net die laerliggende ekosisteem van oppervlakwater nie, maar ook die water wat normaalweg die grond sou indring en die grondwatertafel voed.

"Water bevat organiese en anorganiese stowwe wat noodsaaklike

minerale aan wild verskaf. Namate natuurlike watergate opdroog, verhoog die konsentrasie van die minerale in die grond en dit kan die wild nadelig beïnvloed.

Grondwater wat met sonkrag na die oppervlak gepomp word om krippe te vul, moet so geplaas word dat dit nie lei tot vertrapping en oorbeweiding in die direkte omgewing van die suiping nie.

Die suipings moet ook so beplan word dat dit vir diere met verskillende suippatrone voorsiening maak; die meeste wild wil in 'n oopte drink sodat hulle gevaar betyds kan gewaar.

'n Helling van klippe aan die buitekant van 'n krip waarteen 'n skilpad kan opklouter en 'n hopie klippe wat net bokant die oppervlak van die water uitsteek, sal 'n veilige landingsplek vir voëls, bye en skoenlappers verskaf en help dat hulle veilig drink.

### Voorbrande

Veldbrande bly 'n konstante gevaar vir weiding vir wild in die winter wanneer die veld droog is. Voorbrande, wat volgens 'n deurdagte brandplan wat deur die gepaste owerhede goedgekeur is, moet voor die aanvang van die winter gemaak word.

Die brandbane moet wyd genoeg wees en skoon gehou word van brandbare materiaal sodat sterk wind nie die vlamme laat oorspring na veld wat nie vir brand geoormerk is nie.

Veld wat net voor die eerste reëns gebrand word, kan ook waardevolle voeding voorsien na die lang wintermaande. Maar pasop, waarsku 'n boer van Limpopo, diere wat hulself oorvreet aan proteïenryk groenvoer kan oornag vrek aan bloednier.

Beheerde brande kan ook bosindringing bekamp, maar moet oordeelkundig gedoen word anders kan waardevolle voedingsplante vernietig word.



**Skaars, sensitiewe wild soos swartwitpense moet goed opgepas word in die winter om siektes en vrektes te voorkom. (Bron: Pixabay)**



**'n Blouwildebees (as grasvreter) van 180 kg word gereken as 'n grootvee-eenheid (GVE). (Bron: Pixabay)**

### Dieresiektes

Dit is belangrik om 'n deurdagte gesondheidsprogram, wat inenting, dosering, en die beheer van bosluise en ander bloedsuiende insekte insluit, noukeurig te volg.

### Heinings

Biosekerheid is die belangrikste deel van voorsorg en grensdrade is die eerste stap. Maak seker jou grensdrade is hoog en sterk genoeg om jou wild binne te hou en siektes en ongewenste besoekers uit te hou. Loop die heinings gereeld na en herstel indien nodig.



**Die meeste wild verkies 'n suiping in die oopte. (Foto: Tisha Steyn)**



**Halfdeurlaatbare heinings soos hierdie hoek- en aangepaste reguit deurgang, laat kleiner wild wat nie noodwendig ingeperk hoef te word nie toe om vrylik na weiding en water te beweeg. (Bron: Ken Coetzee)**


IU IRRIGATION UNLIMITED
SEE YOU AT NAMPO
Find out more about our wide range of quality irrigation products at stand 30C
OCMIS
sime
VYRSA
TOMMY
GOLD MEDAL
MING
VENICE
WHOLESALE SUPPLIER AND DISTRIBUTOR OF A WIDE RANGE OF IRRIGATION PRODUCTS
ALL BLACK SYSTEM
PIPES & FITTINGS
Reduces theft and corrosion I Easy and cheap to repair I Lightweight
Easy conversion from other systems I Resistance to chemicals and fertilizers
FOR YOUR NEAREST DEALER, CONTACT:
PTA +27 12 736 2121 | CPT +27 21 946 1194
Tobie Van Den Heever
+27 82 658 6054
Henko Cilliers
+27 71 303 8829
www.iunlimited.co.za



**Vlotterkleppe wat verseker daar is water, moet so ontwerp wees dat bobbejane nie daarmee kan peuter nie. (Foto: Tisha Steyn)**

Heinings wat springers, soos koedoes, moet inhou, moet minstens 2,4 m hoog wees.

Bos- en vlakvarke wat varkpes kan versprei, kan in- of uitgehou word deur ogiesdraad wat onderaan die heining geheg is, onder die grond te begrawe en met klippe vas te pak.

Heinings moet sterk genoeg wees om diere soos buffels as draers van bek-en-klouseer uit te hou.

Geëlektrifiseerde heinings se onderste drade moet verwyder word om te voorkom dat skilpaaie en ietermagogs wat probeer deurkruip verkool word.

’n Ou motorband wat onderaan ’n heining vasgemaak is, kan as ’n gawe deurgang dien vir grawers soos ystervarke en ander wild wat hulle gate gebruik.

Halfdeurlaatbare heinings kan kleiner wild toelaat om vrylik te beweeg na kos en water.

## Vra raad

Jou wildveearts is jou beste vriend – maak gebruik van die persoon se kundigheid en ondervinding. As jy onseker is, vra.

Net soos uiterste hitte, veroorsaak uiterste koue en nat toestande spanning by diere, wat, veral wanneer hulle weens verskeie faktore kondisie verloor het, meer vatbaar vir siektes is. Hou ’n oog op die Nasionale Weerburo se maandelikse weerwaarskuwings en voorstelle oor hoe om dit te versag.

**Kontak Ken Coetzee van Conservation Management Services by 076-227-5056 of consken@mweb.co.za vir meer inligting.**



**Blaarvreters sluit wildsoorte soos koedoes, kameelperde en duikers in wat baie selektief is en aangepas is om minder veselagtige ruvoer te benut. (Bron: Pixabay)**



**Intermediêre vreters sluit rooibokke, njalas, springbokke en elande in en wanneer gras houtagtig raak in die winter, pas hulle aan deur meer blare, vrugte en sade te vreet. (Bron: Pixabay)**

**Bronverwysings**


Bothma, J duP., Van Rooyen, N., Van Rooyen, M. (2009) *Using diet and plant resources to set wildlife stocking densities in African savannas*
Wildlife Society Bulletin 32(Sep 2004):840-851
DOI:10.2193/0091-7648(2004)032[0840:UDAPRT]2.0.CO;2
https://www.researchgate.net/publication/232686540_Using_diet_and_plant_resources_to_set_wildlife_stocking_densities_in_African_savannas

Furstenburg, D. (2018) *Deel 1: Wildplaasbeplanning en die invloed van filobiogeografie op wildboerdery. Afri Wild Services*
https://www.researchgate.net/publication/322723651_Deel_1_Wildplaasbeplanning_en_die_invloed_van_filobiogeografie_op_wildboerdery

Marquart, A., Van Coller, H., Van Staden, N., Kellner, K. (2023) *Response of herbaceous functional types and woody vegetation to selective shrub control on wildlife and cattle ranches in a semi-arid savanna*
*Applied Vegetation Science* 26(4)
DOI:10.1111/avsc.12755
https://www.researchgate.net/publication/376785256_Response_of_herbaceous_functional_types_and_woody_vegetation_to_selective_shrub_control_on_wildlife_and_cattle_ranches_in_a_semi-arid_savanna

*National Agro-meteorological Committee (NAC) Advisory on the 2023/24 summer season. Statement from Climate Change and Disaster Risk Reduction. 5 February 2024*
https://mail.google.com/mail/u/0/#search/NAC/FMfcgzGtwqMCZktMRGdgdXBfTCSCcjWV?projector=1&messagePartId=0.1

Potgieter, J. (2017) *Wenke vir byvoeding in die winter. Landbouweekblad*
https://www.pressreader.com/south-africa/landbouweekblad/20170728/282527248494202

Steyn, S. (2023) *A review of fire as a veld management practice. Angus Journal 2023*
https://www.researchgate.net/publication/371379085_A_review_of_fire_as_a_veld_management_practice

Steyn, T. (2023) *Game ranching part 1: Water for game ProAgri.co.za*
https://proagri.co.za/game-ranching-part-1-water-for-game/

Steyn, T. (2023) *Game ranching part 2: Placement of watering points ProAgri.co.za*
https://proagri.co.za/game-ranching-part-2-placement-of-watering-points/

Steyn, T. (2022) *FMD could wipe out game ranches*. ProAgri.co.za
https://proagri.co.za/fmd-could-wipe-out-game-ranches/




**FOR 70 YEARS, WILLARD BATTERIES HAS BEEN AN INTEGRAL PART OF A FARMER'S LIFE.**

Whether ploughing, sowing or harvesting under the African sun, generations of farmers have relied on Willard batteries to provide them with the power to keep feeding our nation. Designed specifically for the demanding requirements of the agricultural industry, Willard batteries are renowned for their durability and reliability, making them the ideal choice for various agricultural applications.

**WILLARD. A LEGACY CELEBRATED.**

**VISIT THE WILLARD STAND AT NAMPO!**

14 to 17 May 2024
STAND B10, NAMPO PARK, BOTHAVILLE

CELEBRATING 70 YEARS OF EXCELLENCE

MADE IN SA

www.willard.co.za 0860 12 00 12

Willard Batteries
THE POWER OF TECHNOLOGY



# Bonsmara SA vier 60 goue jare

deur Bianca Henning

Ingenome beesboere geniet reeds sestig jaar lank die skitterende voordele van die beesras wat met die minste probleme die meeste wins lewer: Bonsmara.

Ongeveer sestig jaar gelede het die behoefte ontstaan vir 'n beesras wat beter vleisproduksie as inheemse rasse lewer, maar wat steeds aanpasbaar en gehard is vir Suid-Afrikaanse toestande. Vanjaar vier Bonsmara SA die ryke geskiedenis van sestig jaar van dié uitsonderlike ras.

Die Bonsmara-ras is een van die voorste beesrasse in Suid-Afrika. Bonsmara is een van die rasse met die meeste geregistreerde diere landswyd, asook die meeste produksieveilings wat jaarliks gehou word en die ras wat jaarliks die meeste bulle verkoop.

Oor die jare heen het die Bonsmara-ras vele mylpale bereik, nie net omdat hierdie ras die grootste in Suid-Afrika is nie, maar ook vir merkwaardige verskil wat die ras in die vleisbedryf meebring – nie net landwyd nie, maar ook wêreldwyd.

Die Bonsmara is veral gewild in Afrika-lande en ook oorsese lande wat insluit: Brasilië, Argentinië, Kolombië, Australië, Namibië, Mosambiek, Botswana, Zambië, Malawi en Georgië. In Suid-Afrika is daar meer as 320 telers en ongeveer 60 000 produserende koeie.

Met al die navorsing en wetenskaplike data wat prof Bonsma ingesamel het, is uiteindelik besluit om die Afrikaner, Hereford en Korthoring te kruis. Die verhouding was vyf agtstes Afrikaner en drie agtstes Hereford/Korthoring.

Die Afrikaners is gekies vir hulle goeie vleiseienskappe, uierontwikkeling, goeie vel- en haargehalte en siekte weerstandigheid. Die Britse rasse het bygedra tot die goeie karkasgehalte.

Professor Jan Bonsma se uitgebreide navorsing en verfyning deur prestasietoetse het gelei tot die ontstaan van 'n aanpasbare, vrugbare, produktiewe bees met 'n goeie temperament en melkproduksie wat vandag bekend is as die Bonsmara.

Prof Bonsma, wat vandag bekend is as die vader van die Bonsmara, het altyd gesê "Om te meet, is om te weet" en na sestig jaar is dit 'n voorreg om sestig jaar se funksies en vieringe met 'n goeie veiling af te sluit."

Die vieringe het afgeskop met die Bonsmara Classic, 'n gholfdag wat gehou is vir alle Bonsmara-telers, gevolg deur 'n reeks ander geleenthede, insluitend 'n algemene jaarvergadering, 'n dinee ter viering van die sestigste bestaansjaar, 'n rooiras-geleentheid, en 'n nasionale Bonsmara SA-veiling gehou te Parys, Vrystaat.

"Dit is vir ons 'n eer om die Bonsmara-handelsmerk te dra en die sukses van die ras te vier. Ons is ook trots om te verklaar dat Bonsmara-bulpryse die afgelope tien jaar met 119% gestyg het," vertel Louis. Louis spreek ook sy dank uit aan elke kommersiële en stoetteler wat gehelp het om hierdie ryk geskiedenis te help vorm en bygedra het tot die sukses. "Dit is ook vir ons lekker om te sien dat na sestig jaar die Bonsmara-ras steeds so sterk is, en ons sien uit na die volgende sestig jaar!"

Nelius Ferreira is tydens die algemene jaarvergadering verkies as die



BRAZGrass
Pasture is Profit

# Verskaf hoëproteïenvoer vir jou vee

**Optimaliseer die potensiaal van jou grond en maksimeer jou opbrengs met BRAZGrass-saad**



Ons voorsien jou van die beste moontlike oplossings vir al jou weidingsbehoeftes, of jou behoefte nou voerverwant is, rehabilitasie van jou grond, of integrasie tussen jou gewasse, ons produkte bied die gerieflikste oplossing waarna jy gesoek het.




www.brazgrass.co.za +27 (0)84 840 1659 | brazgrass@safricom.co.za | 3 Fortuna street, Viljoenskroon

# DIE PERFEKTE WEGBREEK VIR JOU EN JOU GESIN!

Kom weg van die besige stad vir 'n naweek en ontspan



Selfsorg chalets, tent- en karavaan staanplekke, ablusie- en braaigeriewe vir kampeerders. Visvang, koue- en warm swembad-dens asook borrelbaddens. 'n Agt bal poolkamer, putt-putt, tafelsokker, skaak en 'n veilige speelarea vir kinders

**Bespreek nou jou karavaan staanplek**



not all who wander are lost
KLIPDRAAI KARAVAANPARK
www.klipdraai.co.za

BLOUFONTEIN WILDLIFE PARK 084 800 0193

KLIPDRAAI KARAVAANPARK
www.klipdraai.co.za

Staanplekke word tans uitverhuur teen R450/nag buite -seisoen en R550/nag binne-seisoen.

**Besprekings: 072 823 5236 | E-pos: besprekings@klipdraaikaravaanpark.com**
**Plaas Kookfontein, Viewlaan, Kookrus, Meyerton | www.klipdraaikaravaanpark.com**




**’n Sewegeslag skematiese voorstelling van die Bonsmara-ontwikkelingsplan, soos gepubliseer in prof Jan Bonsma se boek.**

nuwe voorsitter van die Bonsmararaad. Hy vertel: “Ek glo almal is vertroud met die leuse van Bonsmara: Die ras vir alle redes, waarvan ek beslis kan getuig. Ons teel self al die afgelope veertig jaar met Bonsmaras en die Bonsmara is nie verniet die gewildste en grootste ras in die Suid-Afrika nie. Dit is ’n ekonomiese ras, nie net vir stoettelers nie, maar ook vir die kommersiële boer. Ons moenie vergeet dat 88% van ons bulle aan kommersiële telers verkoop word nie; ons moet ook nie vergeet dat meer as 75% Bonsmara en Bonsmara-tipe beeste in Suid-Afrikaanse voerkrale staan nie.

“Die Bonsmara beskik oor goeie vleiseienskappe, goeie temperament, goeie moederseienskappe en is oor die algemeen ’n baie lekker bees om mee te boer en te werk ... en bo alles is hy nog mooi ook!” sluit hy af.

Bonsmara staan op ’n sterk grondslag wat met sorg gebou is. Daarvan getuig ook die meer as 110 Bonsmara-veilings op die 2024-kalender regoor die land.











**Vir meer inligting oor die Bonsmara-ras, besoek Bonsmara SA by www.bonsmara.co.za of kontak hulle kantoor by 051-448-6084.**

# MAXIMISE YOUR FARMING EFFICIENCY WITH POLTEK AUTOMATIC DRINKING SYSTEMS




**AUTOMATIC ECONO DRINKER (MK4)**
- Non-ballast drinker
- Easy assembly

**AUTOMATIC BALLAST BREEDER DRINKER (MK5)**
- Ballast drinker
- Ideal for large birds

**AUTOMATIC BALLAST BROILER DRINKER (MK6)**
- Ballast drinker
- Designed to accommodate the complete life cycle from day one

**AUTOMATIC BELL DRINKER (MK7)**
- Non-ballast drinker
- Easy assembly
- Extremely durable

**AUTOMATIC BALLAST BELL DRINKER (MK8)**
- Ballast drinker
- Easy assembly
- Extremely durable

*All drinkers standard with hanging attachments, 3 meter PVC flexible water pipe and clamp saddle with a shut off valve. Ballasts should be filled with concrete to stabilize drinkers.*

**AVAILABLE AT YOUR LOCAL DISTRIBUTOR**

Tel: 0861 POLTEK (765835) I 011 866 1240 I www.poltek.co.za | e-mail: sales@poltek.co.za
1456 Bevan Road, Roodekop, Germiston

POLTEK®/Custom Moulders® and the POLTEK® logo are all registered trademarks of Custom Moulders®. E&OE

PASA/28212/HP

POLTEK®
LEADERS IN PLASTIC POULTRY TECHNOLOGY



JHB TRACTOR SPARES®

# WE STOCK THE RIGHT TRACTOR PART AT THE RIGHT PRICE, AT THE RIGHT TIME!

We stock a comprehensive range of replacement parts for **FORD, FIAT, NEW HOLLAND, CASE** and **MASSEY FERGUSON** tractors which includes:

**Paint and decals**
**Engine spares**
**Gearbox spares**
**Diffs and hydraulic lifts**
We also stock spares for TLB's, including:

**Rear axles**
**Crown wheel and pinions**
**Complete diffs and brakes**






**www.jhbtractorspares.co.za**
**0664024322**
**32 Davies road, Malvern East, Germiston**
**info@jhbtractorspares.co.za**
**0116156421 | 0116772100**



# Natuurbewaring
## is almal se verantwoordelikheid





**deur Natasha Pretorius**

Wanneer dit by natuurbewaring kom, maak dit nie aan WeWild Africa saak of dit 'n olifant of 'n muishond is wat gered moet word nie, dit is hulle selfopgelegde lewenstaak om Afrika se natuurlewe te beskerm.

Die organisasie is in 2019 deur Damian Aspinall, Tansy Aspinall, Amos Courage en Dereck Milburn gestig en hulle hoofkantoor is in Kaapstad. Saam het die vier meer as 100 jaar se ondervinding in natuurbewaring.

WeWild Africa doen wildredding, wildhervestiging en landskaprehabilitasie regoor Afrika. Hulle het permanente projekte in Suid-Afrika, Gaboen, die Kongo, Zimbabwe en Mosambiek. Die organisasie glo nie daaraan om probleem-diere van kant te maak nie, maar eerder om hulle te vang en weer vry te laat waar hulle veilig sal wees.

Deur samewerking met belanghebbendes verseker hulle dat bedreigde wild en verwaarloosde landskappe weer 'n tweede kans gegun word.

### Wat maak WeWild Africa anders?

- Hulle is een van die min organisasies wat binne 24 uur op noodkrete kan reageer en diere vang en hervestig.
- Hulle kan oplossings bied vir situasies wat ander soms mag dink is onmoontlik
- Hulle rehabiliteer diere en plantlewe.

### Die rehabilitasie van die Loskopdam Natuurreservaat

Een van hulle groot projekte pak hulle saam met The Aspinall Foundation aan en is 'n eerste-van-sy-soort vennootskap met die owerhede van Mpumalanga om die Loskopdam Natuurreservaat te rehabiliteer.

Hierdie ambisieuse rehabilitasie- en uitbreidingsinisiatief sal die voorloper wees vir ander vennootskappe in ander provinsies met ander regeringsafdelings.

"Honderdeduisend hektaar wildernisgebiede is in gedrang en WeWild Africa glo dat dit gered kan word met die hulp van die private sektor. Die twee organisasies wil die voorlopers wees om ander reservate ook 'n tweede kans te gee," vertel Dereck Milburn, direkteur van WeWild Africa.

Die projek het ten doel om belangrike dier- en plantspesies terug te bring, veral die diere en plante wat vroeër natuurlik in die gebied voorgekom het. Benewens die reservaat se unieke plant- en dierelewe is daar ook geskiedkundige besienswaardighede soos ou grafte. Loskopdam Natuurreservaat is ook die tuiste van die kritiesbedreigde Middelburg broodboom.





Oorkant die reservaat is daar ook 'n wildernisgebied wat deur gemeenskappe en indiwidue besit word.

WeWild Africa en The Aspinall Foundation kon daarin slaag om met verskeie van die eienaars 'n langtermyn huurkontrak te sluit. Dit beteken die reservaat kan van 23 000 hektaar na amper 100 000 hektaar vergroot word.

### Die hervestiging van diere

Een van die dinge waaroor WeWild baie besorgd is, is die hervestiging van wilde diere wat in aanhouding gebore is. Van hierdie diere het in hokke groot-






YARA

**Knowledge grows**

## Die PROfessionele keuse

### KimtraPro 20

**'n Klaargemengde fosfaat, sout, spoormineraal en proteïenaanvulling vir herkouers.**

- Die fosfaatbron in **KimtraPro 20** is Yara Animal Nutrition se Kynofos 21, 'n hoë kwaliteit MDCP.
- Verryk met die belangrikste spoorminerale.
- Bevat proteïen om groei en produksie van rumenmikrobes te stimuleer vir optimale vertering van gras.
- Bevat hoogs biobeskikbare magnesium in die vorm van Magnesium-fosfaat.
- Bevat melasse-byproduk om smaaklikheid en inname te bevorder.
- In 'n gerieflike korrelvorm om stof te beperk.
- Geskik vir beeste, skape, bokke en herkouer-wildspesies.
- Beskikbaar in sakgroottes van 50 kg en 25 kg.

*Vertrou KimtraPro 20 vir optimale gesondheid, produksie en reproduksie.*

**www.yara.co.za/animal-nutrition/**
animal.nutrition.sa@yara.com | **Tel:** +27 (0)31 910-5100





Yara Animal Nutrition Suid-Afrika (Edms) Bpk. Reg. Nr. 2001/025850/07
**KimtraPro 20** - Reg. Nr. V32853.
(Alle produkte is geregistreer onder Wet 36 van 1947.)

geword en het nog nooit gras onder hulle pote gevoel nie. Met die organisasie se hulp kon duisende diere weer hulle natuurlike habitat ervaar.

Die organisasie word gereeld uitgeroep om renosters met koeëlwonde te help, asook kameelperde en olifante wat in strikke gevang is. Wanneer 'n probleemdier losbreek en op iemand anders se eiendom amok maak, is flinkdink oplossings noodsaaklik.

WeWild Africa glo dat hulle met soveel as moontlik belanghebbendes moet saamwerk om hulle model te laat werk, dus vat hulle ook graag hande met die landbousektor.

Hulle praktiese benadering en slim samewerking met strategiese vennote het reeds in hulle kort bestaan daartoe gelei dat hulle heelwat geskiedkundige prestasies behaal het.

In die afgelope paar jaar het hierdie organisasie al meer as 'n duisend diere se lewe gered of verbeter en hulle beplan om hierdie getal teen die einde van 2024 na 1 500 diere op te stoot.

Damian sê: "Ons gaan waar min ander organisasies bereid is om te gaan om seker te maak die toekoms van bedreigde spesies en landskappe is verseker. Ons vra 'hoekom nie?'. WeWild Africa wil die bewaringslandskap in Afrika verander deur sleutelbewaringsoplossings en 'n netwerk van samewerking in werking te stel."

## WeWild Africa se vooruitsigte vir 2024

- Om nog 500 diere te red en te hervestig.
- Om hulle Loskopdam-rehabilitasieprojek in 'n werkende program te omskep.
- Om verskeie groot renosterverskuiwingsprojekte in die land op die been te bring.
- Om oplossings aan die regering voor te lê en om hulle voetspoor in in Afrika groter te maak.

Nog voor die eerste maand van 2024 verby was, het hulle reeds vyf olifante wat ontsnap het uit die Ndumo Wildreservaat gered en na 'n veilige plek verskuif.





Die noodoproep is gemaak deur Ezemvelo Kwa-Zulu-Natal Wild se waarnemende hoofuitvoerende beampte, Sihle Mkhize, wat hulle ingelig het dat vyf olifante van die reservaat sowat 16 km suid van die grens gaan rondloop het. Die olifante het die gemeenskap se lande ingevaar, wat baie gevaarlik vir die mense was. Die gebied is 'n bio-diversiteitsgebied in Maputoland naby Mosambiek se grens.

Op 20 Januarie 2024 het WeWild Africa die hulpbronne en geld bymekaar gekry en 'n noodlugredding is uitgeoefen. Na 36 uur kon hulle al vyf olifante weer veilig terugkry waar hulle moet wees.

## WeWild Africa kan help

Hoewel hulle baie nou saam met Zimbabwe en Mosambiek se regerings werk, bly regeringspermitte om in die lande op te tree 'n uitdaging, omdat die burokratiese proses maar traag kan wees.

"Ons het ook bietjie teenkanting van boere wat nie ons optrede ondersteun nie. Hulle sal eerder 'n olifant skiet as om hom te red. Dit is wel net 'n handjievol boere maar dit gebeur."

Die organisasie wil hê dat mense moet help om die boodskap te versprei dat daar ander oplossings is as om probleemdiere te skiet. Hulle wil hê dat die publiek bewus moet wees van die dienste wat hulle lewer en op hulle knoppie druk.

**"Ons moet nou optree. Wat ons nie beskerm in die volgende vyf tot tien jaar nie mag dalk vir altyd verlore gaan," sê Dereck.**

"Dit is nie net die regering se verantwoordelikheid nie, maar almal s'n. Dit is ons erfenis en ons moet almal saamwerk," sê Dereck.

**Om met die WeWild Africa in aanraking te kom, stuur 'n e-pos aan info@wewildafrica.com.**





## Landbouskrywers SA se besoek aan 2023 se Boer van die jaar:

# Waarde in landbou strek verder as die plaas



Die pragtige Bovelders van Hirsaw Livestock word afgerond met Dewald hulle se eie kuilvoer.

**deur Maryna Steyn**

"In vandag se dae moet jy absoluut veelsydig wees," is Dewald te Water se beskrywing vir hedendaagse boerdery. Dit is ook hierdie veelsydigheid in boerdery wat hom die titel Boer van die jaar 2023 help verwerf het. "Jy moet in alle opsigte 'n baie goeie sakeman wees, van aankoper tot verkoper. Terselfdertyd moet jy ook 'n agronoom wees en goeie menseverhoudings handhaaf."

Dewald boer tussen Bethal en Trichard in Mpumalanga. Die saak wat hy en sy wyle broer begin het, is die TW Groep wat bestaan uit verskeie vertakkings in die konstruksie- en landboubedryf. Die konstruksiebeen bestaan uit grondverskuiwingswerk asook 'n baksteen- en klaargemaaktebetonfabriek. Verderaan in die landbousy is daar 'n graanvertakking, 'n vleisbeeskudde, kunsmismengaanleg, 'n kuilvoersaak en twee voedselverwerkingsaanlegte.



**Die dames van Sense het verduidelik hoe die masjien wat die ontbytpap en pofhappies maak werk. Hulle is Mandy van Zyl, Izelri Marx, Simoné van Niekerk en Nadine van der Walt.**

## Die lang pad na sukses

Om te wees waar hy vandag is, het harde klippe kou gekos. "Die boerdery het begin met 'n klein skaapkudde en twee- of driehonderd hektaar mielies. Van daar af het ons begin om sowel ons kudde as landerye uit te brei.

"Nadat ek in 1997 geswot het, het ek by 'n boer naby Kriel gewerk. My broer het hier op die plaas waar ons grootgeword het saam met ons oupa geboer en basies na my oupa se vee gekyk. Twee jaar daarna het hy voorgestel dat ons saam en groter probeer boer."

Dewald het toe sy werk bedank en saam het die broers bykomende grond gehuur om groter te begin boer. "In daardie stadium het my broer na die saaiboerdery gekyk en ek na die vee." Hulle het elke jaar daarna 'n hektaar of twee probeer byvoeg. Danksy hierdie benadering kon Dewald-hulle 'n tweede plaas buite Bethal bekom.

"In 2002 het ons die geleentheid gekry om 'n TLB en 'n tippertjie te kon koop. Dit het gehelp dat ons werk kon doen om ons kontantvloei te stimuleer. So het die behoefte in dié afdeling ook gegroei."

Intussen het hulle baie ander planne gehad; sommiges suksesvol en ander nie. Maar naderhand het Dewald-hulle besef hulle moet die verskillende aspekte van hulle onderneming meer doeltreffend benader. Daarom het Dewald die boerderybeen behartig en sy broer die konstruksie-afdeling.

In 2006 het hulle die eerste baksteenfabriek opgerig. "Dit was werklik 'n geraap en -skraap om kontantvloei te kry om al die paaiemente te betaal, maar ons het aanhou groei en nie 'n geleentheid laat verbygaan nie."

Die trop beeste is later bygevoeg en dit is volgens Dewald waar hulle werklik begin vooruit boer het.

In 2013 het hulle die tweede baksteenfabriek opgerig. "Ons het nie alles op ons eie probeer doen nie; ons het kenners ingekry om die fabriek op te rig en te bedryf," vertel Dewald. Later het die broers begin om konstruksiemasjiene te verhuur, wat hulle genoodsaak het om 'n behoorlike binnenshuise werkswinkel vir herstelwerk op te rig. Terselfdertyd is 'n klaargemaaktebetoneenheid opgerig.

Sasol-kunsmis het in daardie tyd toegemaak, en die broers het hierdie geleentheid aangegryp om die kunsmisvermengingsbehoefte te vervul. Constantia Fertilizer se kunsmis word buite Trichard vermeng.

Die mees onlangse onderneming wat die TW-groep bygevoeg het, was kuilvoerproduksie onder die naam, Exact silage.

## Waardetoevoeging help die boerdery vooruit

Die beweegrede agter die voedselverwerkingsaanlegte is om die maksimum waarde uit 'n oes te kry. Soos Dewald dit stel - beteken dit dat die onderneming 'n prysgewer is en nie bloot 'n prysnemer nie. Hierdie beginsel geld ook vir die kuilvoer-afdeling om waarde toe te voeg aan die mielies wat die boerdery verbou. 'n Gedeelte van die kuilvoer word aan ander boere verkoop.



**Die reeks peuselhappies wat gemaak kan word is eindeloos.**



**Hierdie masjien is verantwoordelik vir die NutriKing-ontbytpap en KinkPuffs-produkte wat Dewalt van sy eie graan vervaardig.**



**Die Orkel-kuilvoerverpakker.**

Sowel die springmielies as die ontbytpapprodukte se hoofbestanddeel is 'n soort witmielie wat uit die saaiboerdery geoes word. "Ons gebruik die witmielie, want sy pit is groter en die styselinhoud is ook waarna ons soek," vertel Dewald.

Mieliepitte word in springmieliekanonne verhit. Tydens hierdie proses bars die mielie oop. Binne-in die kanon bou die druk op en wanneer die klep wat die kanon verseël opmaak, skiet die springmielies uit met 'n harde plofgeluid. Die springmielies word versamel, gesif om doppe te verwyder en dan bedek in 'n kleurvolle suikerstroop.

Uit die pofhappie- en ontbytpapfabriek word dieselfde graan in 'n meel verwerk wat dan gebruik word om saam met verskeie ander bestanddele òf kitspap, òf pofhappies te vorm. Albei is beskikbaar in enige geur onder die son, maar by AfriKing is ontbytpap aarbei- of vanieljegeur, en die pofhappies is in verskeie geure beskikbaar.

## Boer van die jaar wenner 2023

Om benoem te word as die 2023 se Boer van die jaar beteken baie vir Dewald. "Ek is nederig trots, en ongelooflik dankbaar," erken hy. "Net om benoem te word, was vir my 'n groot eer. 'n Mens boer nie om so 'n prestasie te behaal nie, maar dit raak my diep om daardie titel te verwerf het.

"Maar dit is nie ek alleen wat daardie wentitel dra nie: Dit was absoluut 'n spanpoging om dit te bereik.

"Landbou het my geleer om absoluut nederig te bly," lag hy. "Sodra jy dink daar kom 'n goeie jaar, dan besef jy elke jaar is anders. Daar is oral groot uitdagings. Jy kan net nederig bly."

Dewald glo dat dit enige boer – net soos enige ander sakeman – se verantwoordelikheid is om werk te skep. "Ons het ongeveer 600 permanente werkers. Daarvoor moet ons ook ons eie menslikehulpbrondepartment hê, want op daardie skaal and met soveel ondernemings is dit nie moontlik om daarsonder klaar te kom nie."

Dewald verduidelik dat die skaal waarteen hulle werk baie fyn bestuur moet word. "Dit verg konstante risikobestuur, want sonder om uit te brei bly jy agter, maar jy moet ook bewus bly van dit wat 'n nuwe uitbreiding in terme van insetkostes vereis."

Hy sluit af met sy wens vir landbou: "My wens vir landbou in Suid-Afrika is vir die volhoubaarheid daarvan. Mense moet eet. Boere wil boer. Ek wens volhoubaarheid toe vir almal."



**Die verskeidenheid produkte wat van Dewald te Water se eie graan vervaardig word.**



**Dewald wys die voedsame kuilvoer wat hulle herverpak. Soos goeie kuilvoer is die reuk soet.**

**"ProAgri bedank graag die Landbouskrywers van Suid-Afrika en die borge wat hierdie besoek moontlik gemaak het. Danksy hierdie vereniging kan ons skouers skuur met ons kollegas in die media en aanhou om saam te bou aan landbou."**


Jimny
5-door
BORN FOR MORE!
1.5 GL MT
FROM R429 900 incl. VAT
Retail price includes 4-year/60 000km service plan.
ALLGRIP
PRO
Ts & Cs apply.
Discover more at SuzukiAuto.co.za
Image is for illustrative purposes only.
SUZUKI

# Eko-vriendelike roofdierbestuur



deur Tisha Steyn

Eko-vriendelike bestuur van roofdiere wat skade onder vee veroorsaak is noodsaaklik vir die handhawing van 'n balans tussen die belange van die veeboer en die natuur.

In die lig van aardverwarming word dit al moeiliker vir kommersiële en kommunale of kleinboere om te midde van die aanslag van klimaatsverandering volhoubaar en winsgewend te boer sonder om die ekostelsel te vernietig.

## Konflik

Konflik tussen veeboere en roofdiere kom 'n lang pad en hoewel heelwat navorsing gedoen word om vas te stel hoeveel skade roofdiere aan veekuddes veroorsaak en hoe dit voorkom kan word, duur die stryd voort.

Vroeër jare het die regering selfs gehelp om roofdiere te bekamp met heinings en permitte, maar sedert 1994 is veral kommersiële boere op hulleself aangewese, terwyl kommunale boere darem hulp en opleiding kry, al word hulle nie vergoed vir verliese weens roofdiere nie.

Stelselmatig word wegbeweeg van dodelike metodes om roofdiere wat probleme veroorsaak voor die voet uit te skakel. Minder ingrypende nie-dodelike metodes word al hoe meer gebruik om enersyds roofdiere af te skrik of andersyds die vee buite die bereik van dié diere te hou.

## Navorsing

Navorsing en monitering van roofdiere se gewoontes en ekologie, asook die sukses van bestuurstrategieë is nodig sodat bestuursriglyne wat op feite gegrond is, ontwerp kan word. Dit meet hoe suksesvol die bestuursprogram is.

'n Span navorsers van die Nelson Mandela Universiteit het 'n paar jaar gelede navorsing gedoen om vas te stel watter roofdiere onder watter omstandighede tot veeverliese lei. Die Predator Management Forum by die Universiteit van die Vrystaat doen ook navorsing oor maniere om die probleem op te los.

Die meeste ander universiteite gee ook aandag aan moontlike oplossings.

## Bestuur en beheer

Navorsing het gevind dat rooijakkalse, rooikatte, luiperds, bobbejane en selfs bosvarke vee kan bedreig. Waar dodelike metodes wat hierdie diere geteiken het dikwels skade aan ander diere veroorsaak het, probeer navorsers hard om alternatiewe metodes voor te stel en boere sover te kry om dit te gebruik.

Hoewel roep en skiet-nagjag steeds in sommige gebiede gedoen word om gewoonte-jagters onder die roofdiere uit te skakel, is daar 'n verbod op die gebruik van landbougif soos Aldicarb of Two-Step, jag met honde en skerp vangysters.

Daar is 'n hele klomp metodes wat meer eko-vriendelik is wat min of meer suksesvol gebruik word om roofdiere wat probleme veroorsaak, af te skrik. Vanghokke wat gereeld nageloop word om te verseker 'n dier wat daarin beland het ly nie honger of dors nie, is ook 'n eko-vriendelike oplossing.

Halsbande wat die dier se keel beskerm teen slagtande word al lank gebruik, maar roofdiere raak slim en het verskillende metodes om 'n dier te vang en dood te byt, so dit help nie altyd nie. Halsbande met klokke aan is goedkoper as elektroniese halsbande, maar werk net mits daar 'n herder is wat 'n roofdier kan verwilder.



**Jakkalse en luiperds is maar twee van die roofdiere wat probleme veroorsaak wanneer hulle vee vang. (Bron: Pixabay)**



Elektroniese halsbande wat die vee-eienaar op sy selfoon waarsku dat iets of iemand by die vee lol wat hulle onrustig maak, word ook met vrug gebruik.

Flitsende ligte wat strategies gemonteer is en toestelle wat 'n alarm laat afgaan as daar onraad is, word ook gebruik. Maar die roofdiere word slim en 'n boer moet deurentyd nuwe planne bedink.

Goed opgeleide herdershonde werk goed op hulle eie, maar selfs beter wanneer daar 'n mens as herder by is. Donkies en alpakkas word ook ingespan om roofdiere af te skrik.

Desperate boere het al leeumis probeer neersit om jakkalse en rooikatte wat in die afwesigheid van groter roofdiere soos luiperds en leeus koning kraai, af te skrik. Tans word navorsing gedoen oor 'n 'reukweerder' wat hopelik die diere sal afskrik.

Meer onlangse navorsing het bevestig wat almal altyd geweet het maar al van vergeet het: herders – mense wat heeldag saam met die vee loop en hulle snags in 'n kraal toemaak – werk die beste.

## Kuddebestuur

Niël Viljoen van Vee en Predasiebestuur doen al jare lank navorsing oor die voorkoms en skade wat sekere diere in spesifieke gebiede aanrig. Hy lê klem op behoorlike bestuur van die kudde, veral in lamtyd en tot die lammers gespeen is.

Die belangrikste metode om vee teen roofdiere te beskerm is om te voorkom dat die roofdiere by die vee uitkom en dit kan met behoorlike heinings, kampe en krale gedoen word.

Jakkalswerende heinings met ogiesdraad, ook bekend as jakkalsdraad, wat jakkalse keer om goedsmoeds deur te glip is belangrik, maar help nie altyd nie – jakkals se kind grou maklik 'n gat onderdeur die heining of maak gebruik van 'n gat wat 'n erdvark- of ystervark gegrawe het.

'n Geëlektrifiseerde heining om kampe werk goed solank daar krag is en die heinings in stand gehou word. Dié heinings hou weer gevaar in vir onskadelike diere soos skilpaaie wat onderdeur probeer kruip.

Niël voorsien tans jakkalse en rooikatte van GPS-halsbande sodat hy meer van hulle gedrag te wete kan kom om hom te help om te verstaan hoe hulle koppe werk.

Die opleiding wat hy in vee- en predasiebestuur aanbied is gegrond op waarneming veral by moniteringsplase in die Oos-Kaap waar hy saam met die gemeenskappe werk om inligting oor hulle verliese en suksesse in te samel ter wille van behoorlike roofdierbestuur.

## Boer saam met die natuur

Die Cape Leopard Trust (CLT) wat in die Wes-Kaap gesetel is, plaas ook groot klem op holistiese kuddebestuur, instede van blote roofdierbestuur. Die mees volhoubare oplossing is om vee sover moontlik van roofdiere se spyskaart af te haal. Die CLT doen nie net navorsing oor luiperds nie, maar gee ook opleiding aan kommersiële en bestaansboere tydens hulle Boer-saam-met-die-natuur-werksessies.

Die deelnemers aan die werksessies word touwys gemaak oor holistiese veldbestuur. Waar die veld verniel is, lei dit tot minder kleinwildprooi vir jakkalse en rooikatte, en dan begin dié roofdiere meer vee vang. Die boere



**Deelnemers aan 'n Werk-saam-met-die natuur-werksessie wat deur Cape Leopard Trust en CapeNature in die Klein-Karoo aangebied is, sluit in, van links, Tom Barry, Tembelihle Mjamba, Jaco van Deventer (CapeNature), Louis Jordaan, Jan Fourie, Wayne Meyer, Carlo van Tonder, Jaco Fourie en Robbie Roberts. (Bron: Chavoux Luyt, Cape Leopard Trust)**



**Navorsing het bevind waar die veld onversteurd is en volop kleinwild voorkom, roofdiere nie vee vang nie. (Bron: Pixabay)**



**Wanneer ’n jakkals uit die stelsel verwyder word, neem ’n ander een gou sy plek in. (Bron: Pixabay)**



**Niël Viljoen vang gebiedsgebonde jakkalse en rooikatte en voorsien hulle van GPS-halsbande sodat hy hulle bewegings kan moniteer en so meer leer oor hulle gewoontes. (Bron: Niël Viljoen)**

leer ook hoe om die ware sondebok wat hulle vee vang uit te ken aan die roofdiere se tipiese vang- en vreetgewoontes.

Die CLT doen ook omgewingsopvoeding in landelike gemeenskappe en skole sodat kinders van jongs af leer om die natuur ter wille van ’n gesonde ekologie op te pas.

Dié organisasie het juis in Februarie ’n kompetisie aangebied wat deelnemers nooi om ’n verskuifbare, bekostigbare, duursame kraal wat ook roofdierbestand is, te ontwerp.

Die inisiatief, genaamd Mobi-kraal, het ten doel om veeboere te help om hulle vee snags veilig in ’n kraal te hou wanneer vee op hulle kwesbaarste is teen roofdiere. Die kompetisie sluit op 30 Junie 2024 en deelnemers kan ’n kontantprys van R50 000 te wen, asook reis- en verblyfkoste van R20 000 om die CLT te help om hulle ontwerp te ontwikkel en in die veld te toets. Meer inligting by www.mobikraal.org



**Skerp vangysters soos hierdie is verbode in Suid-Afrika, net soos vergiftiging van diere met verbode landbougif Aldicarb en jag met honde. (Bron: Pixabay)**



**Rooikatte en jakkalse is meestal verantwoordelik vir skade aan vee, maar hulle is nie die enigste sondebokke nie. (Bron: Pixabay)**



**Heinings om kampe waar vee aangehou word is die eerste verweer teen roofdiere wat hulle wil vang, maar dan moet die heining heel en voldoende wees om die diere uit te hou. (Bron: Pixabay)**

## Wetgewing en -toepassing

Beskerming van sekere wild deur wetgewing, soos in die geval van luiperds wat nie voor die voet gejag mag word nie, kan bydra tot hulle oorlewing. Samewerking tussen belanghebbendes, insluitend regering-bewaringsinstansies soos Sanparke en CapeNature, asook nie-winsgewende organisasies soos Cape Leopard Trust en die Bedreigde Natuurlewe Trust (EWT) kan meehelp om ’n holistiese bestuursriglyne vir roofdierbestuur en -bewaring daar te stel.

Met behulp van ’n deurdagte, holistiese kuddebestuur en ’n eko-vriendelike benadering tot die bestuur van roofdiere wat probleme veroorsaak, kan die diere suksesvol ter wille van volhoubare veeboerdery en voedselsekerheid van gemeenskappe bestuur word terwyl die biodiversiteit van die veld behoue bly.

Kontak Niël Viljoen by 082-381-8227 of nielviljoen@gmail.com, of besoek die webtuiste by https://nielviljoen.co.za/.

Kontak Jeannie Hayward by 082-337-0964 of communications@capeleopard.org.za, of besoek die webtuiste by https://capeleopard.org.za/

Bezuidenhout, R. (2023) *Eco-friendly predator management*. Farmers Weekly https://www.farmersweekly.co.za/farming-basics/how-to-livestock/eco-friendly-predator-management/

Kerley, G., Wilson, S., Balfour, D. (2018) *Livestock Predation and its Management in South Africa: A Scientific Assessment* https://predsa.mandela.ac.za/predsa/media/Store/documents/PREDSA-Chapter-2-2018.pdf

Steyn, T (2023) *Boer saam met die natuur: Roofdierbestuur deur ‘n wyehoeklens* ProAgri https://proagri.co.za/boer-saam-met-die-natuur-roofdierbestuur-deur-n-wyehoeklens/

Steyn, T. (2023) *Fnuik jakkals se kind só, sê kenner*. ProAgri https://proagri.co.za/fnuik-jakkals-se-kind-so-se-kenner/

Steyn, T. (2023) *Nuwe plan met jakkalse gee hoop*. ProAgri https://proagri.co.za/nuwe-plan-met-jakkalse-gee-hoop/

SUZUKI




V-STROM 1050 DE

Bi-directional
Quick Shift System

BI-DIRECTIONAL QUICKSHIFTER
STANDARD
EQUIPMENT

WORK
SMART NOT HARD

DR 200SE
(Multi-Purpose type)



NOT FOR ROAD USE

SUZUKI
KINGQUAD
4x4 400ASi



FROM
R164 950

FOLLOW US

WWW.SUZUKIMOTORCYCLE.CO.ZA

SUZUKI
BIKE
SAFETY

# Dieresiektes: Kleinveepes sluip al nader aan ons grens

deur Tisha Steyn

Kleinveepes, algemeen bekend as *peste des petits ruminants* of PPR, wat (nog) nie in Suid-Afrika voorkom nie, hou juis om daardie rede 'n ernstige bedreiging vir die kleinveebedryf in die land in.

Die Wêreldorganisasie vir Dieregesondheid (WOAH) beskou hierdie hoogs aansteeklike virussiekte as een van die ernstigste herkouersiektes wat skape, bokke en verskeie wilde herkouers bedreig en 'n enorme negatiewe uitwerking op gemeenskappe se oorlewing en voedselsekerheid het.

Die siekte het die vermoë om tot 90% van 'n kudde te besmet en tussen 30 en 70% van hulle te laat vrek.

Die siekte is verwant aan runderpes wat van 1898 tot 1903 na raming 2,5-miljoen beeste en ontelbare wildsbokke in Suid-Afrika uitgewis het. 'n Suid-Afrikaans vervaardige entstof het dié siekte hier uitgewis. In Engels word na hierdie runderpes as *'bovine rinderpest'* verwys, terwyl die siekte wat kleinvee aantas bekend is as *'ovine rinderpest'*. Die siekte is ook verwant aan masels en hondesiekte.




**Verspreiding van kleinveepes wêreldwyd (Bron: www.researchgate.net)**



**Kleinveepes, algemeen bekend as *peste des petits ruminants* of PPR, wat nie in Suid-Afrika voorkom nie, hou juis om daardie rede 'n ernstige bedreiging vir die kleinveebedryf in die land in. (Bron: Pixabay)**

## Oorsprong en voorkoms

Die virus het aan die begin van die 20ste eeu in Nigerië in Wes-Afrika ontstaan en is vir die eerste keer in 1942 beskryf na 'n uitbreek in die Ivoorkus in 1940. Van daar het dit vroeg in 1980 na Oos-Afrika en Arabië versprei en in 1990 na Pakistan en Indië. In 2007 het dit in Tibet uitgebreek waar dit verwoesting gesaai het onder die land se bedreigde steppebok-bevolking.

Sedert 2017 kom dit voor in Wes-Afrika, Gaboen en die Sentraal-Afrikaanse Republiek, Oos-Afrika noord van die ewenaar, die Midde-Ooste en die Indiese subkontinent, insluitend Nepal en Mianmar waar dit jaarliks sowat 1 800-miljoen bokke eis.

In Noord-Afrika het die siekte net een keer in Egipte uitgebreek, maar in Marokko woed dit sedert 2008, waar heelwat van die 17-miljoen skape en 5-miljoen bokke teen die verwagte uitbreking ingeënt is.

## Suid-Afrika

Die siekte het deur die jare al nader aan Suid-Afrika geskuif. In 2012 het dit in die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK) voorgekom waar 744 527 bokke ter waarde van meer as R565-miljoen gevrek het. Die siekte is nou endemies in die DRK en rig steeds skade aan.

Die siekte het ook na Angola versprei waar dit nou ook endemies is. In Zambië kon die siekte gestop word voordat dit te veel skade aanrig.

Volgens die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) moet alles gedoen word om te keer dat die siekte na Suid-Afrika versprei want as dit eers gevestig is, kan net deur volgehoue gekoördineerde pogings uitgeroei word. Dit hou 'n groot bedreiging in vir die land se winsgewende wolbedryf, duisende werksgeleenthede en voedselsekerheid.

Indien dit die land inkom deur kleinveeprodukte, mense en motors of vee wat deur die poreuse landsgrense ingesmokkel word, kan dit die ganse bok- en skaapbedryf uiters nadelig beïnvloed.

## Simptome

As deel van 'n bewusmakingsveldtog oor die verspreiding van die siekte het die Voedsel en Landbou-organisasie van die Verenigde Nasies se noodeenheid vir veesiektes wat oorgrens versprei, 'n handleiding uitgereik waarin inligting oor die siekte beskikbaar gestel word.

# HARVESTING GROWTH

Navigating the fields with excellent lubricants to keep the wheels turning.

- Heavy Duty
- Transport
- Motorcycles
- Agriculture
- Mining
- Cars

In agriculture, where fuel costs can be a substantial part of the budget, every drop counts. Explore how precision lubrication contributes to improved fuel efficiency, helping farmers reduce operational costs while maintaining the power needed to navigate vast fields.






TotalEnergies
Authorized Distributor

LUBE FORCE TRADERS CC
SO MUCH MORE

www.lubeforce.co.za

**RAYTON**
Office: 012 734 5332/ 4064
Jurie van Dyk: 082 568 2266
Address: 1039 Treurnicht Street, Rayton, Gauteng, South Africa

**RUSTENBURG**
Office: 014 596 7663
Ruan van Rensburg: 083 798 9889
Address: 22 Bosch Street, East End, Rustenburg, South Africa



**Tipiese simptome van kleinveepes sluit in skielike koors, afskeidings van neus, oë en mond, asook sere in en om die mond wat 'n roof kan vorm, longontsteking, diarree en skielike vrektes. (Bron: Pixabay)**

Die siekte moet by die Wêreld-dieregesondheidsorganisasie (WOAH) aangemeld word.

Dit is veral belangrik vir lande waar die siekte nog nie voorgekom het nie, soos Suid-Afrika, waar veeartse en boere nie die siektesimptome sal herken nie omdat dit ooreenstem met ander siektes wat asemhalingsprobleme en vrektes veroorsaak.

Wanneer kleinveepes die eerste keer in 'n gebied voorkom, kan 'n baie hoë koors, gepaardgaande met depressie of selfs dood voorkom voordat die boer enige ander tekens waarneem en dus nie besef wat aangaan nie.

Ander simptome is afskeidings van die oë, neus en mond, asemhalingsprobleme met gepaardgaande hoes en nies, en diarree.

Die siekte versprei baie vinnig en bokke en skape word nie altyd terselfdertyd geraak nie. In Afrika word dit ook meer algemeen by bokke waargeneem, terwyl dit in Asië meer onder skape voorkom.

## Oordraging

Die uitskeiding van die mond, neus en oë en los mis weens diarree bevat die virus wat versprei wanneer die besmette diere nies of hoes en ander diere die druppels inasem.

Die virus kan ook voorkom in besmette water, voerbakke en die strooi waarop die diere slaap. Net soos die virus wat runderpes veroorsaak, oorleef die virus wat kleinveepes oordra nie lank buite die besmette gasheer of draer nie.

Waar herkouers van verskillende oorsprong by markte, veilings of voerkrale in noue kontak met ander diere kom, kan die virus ook oorgedra word.

Opsomming van faktore wat met kleinveepes verbind kan word:

- Die diere is onlangs geskuif of saamgegooi met ander skape en of bokke, met gepaardgaande verandering in die voeding en huisvesting, soos 'n kraal;
- 'n Geslote kudde is mark toe gestuur maar het nie verkoop nie en word teruggeneem plaas toe;
- Kontak met handel- of trekdiere wat weiding, water en of behuising deel;
- Die veeteeltpraktyk het verander, byvoorbeeld van 'n ekstensiewe boerdery na 'n meer intensiewe vorm of andersom;
- Die weerpatroon het verander soos aan die begin van die reënseisoen wanneer dit warm en vogtig is, of 'n skielike koue tydperk;
- In gebiede waar die kleinveepes endemies is, is die meeste siek of sterwende diere tussen vier en 24 maande oud.
- Tipiese simptome sluit in skielike koors, afskeidings van neus, oë en mond, asook sere in en om die mond wat 'n roof kan vorm, longontsteking, diarree en skielike vrektes.

Volgens die WOAH is die standaard metodes wanneer 'n siekte in 'n voorheen onbesmette gebied verskyn kwarantyn, bewegingsbeheer, 'n sindelike slagproses en ontsmetting; die meeste ontsmettingsmiddels werk doeltreffend teen die virus.

Daar bestaan nie medikasie vir die siekte nie, maar voorkomende entstowwe bestaan wel. Dit is by Design Biologix en Onderstepoort Biological Products (OBP) beskikbaar en bied goeie weerstand. Ondersteunende behandeling kan vrektes beperk.



**Kleinveepes is verwant aan runderpes wat van 1898 tot 1903 na raming 2,5-miljoen beeste en ontelbare wildsbokke in Suid-Afrika uitgewis het, maar met die hulp van 'n Suid-Afrikaans-vervaardigde entstof is dié siekte hier uitgewis. Daar is entstof teen kleinveepes beskikbaar. (Bron: Pixabay)**



**Kleinveepes is 'n herkouersiekte en kom hoofsaaklik in bokke en skape, maar ook in kleiner wildspesies, voor. (Bron: Pixabay)**




Plan, order and track all your fuel expenses on one platform!

**Automated Fuel System**

Order and pay for your diesel online to eliminate cash handling & minimize fraudulent fuel transactions.

**Trusted Depot Network**

Never worry about a refueling point again; we've established a trusted depot network across Africa.

**Competitve Pricing**

Secure the best diesel prices on route without compromising on quality to minimize breakdowns.

## How Do You Sign Up?

**Contact us on Whatsapp**
**Sign Up on our Website**

Free sign-up & no monthly fees!

www.onlinepetroleum.co.za

Willem 076 368 2806
Freek 066 216 2757
Hardus 082 926 3352
HJ 083 276 5983



**Kleinveepes kan die verskillende kleinveevertakkings, naamlik wol, vleis en sybokhaar, vernietig indien dit die land sou binnekom. (Bron: Pixabay)**



**Waar herkouers van verskillende oorsprong by markte, veilings of voerkrale in noue kontak met ander diere kom, kan die kleinveepesvirus oorgedra word. (Bron: Pixabay)**

## Voorkomende maatreëls

Volgens die Nasionale Veegesondheidsforum se bestuurder, Marzanne Roets, is monitering belangrik en die NDGF is saam met die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling besig om 'n gebeurlikheidsplan op te stel. Die plan sal toesigstappe en inwerkingstelling van vinnige opsporingstelsels behels.

Volgens Marzanne is die departement se veeartse by grensposte opgelei om kleinveepes te identifiseer en op te tree wanneer die siekte nader aan die land se grense beweeg en in buurlande voorkom.

## Biosekerheid

Dit is noodsaaklik dat boere saam met veeartse seker maak dat 'n doeltreffende biosesekerheidsplan gereed is. Dit geld nie net vir PPR nie, maar ook vir alle ander siektes soos Theileriose, bek-en-klouseer, waarvan 'n nuwe uitbreking in die Vrystaat voorgekom het, en besmetlike misgeboorte (brusellose).



**In Noord-Afrika het die siekte net een keer in Egipte uitgebreek, maar in Marokko woed dit sedert 2008, waar heelwat van die 17-miljoen skape en 5-miljoen bokke teen die verwagte uitbreking ingeënt is. (Bron: Pixabay)**



**Kleinveepes kom in meer as sewentig lande wêreldwyd voor. (Bron: Pixabay)**

**Bronverwysings**


*Peste des petits ruminants* (g.d.) Food and Agriculture Organisation of the United Nations https://www.fao.org/ppr/background/what-is-ppr/en/

*Ovine rinderpest* (2024) Wikipedia https://en.wikipedia.org/wiki/Ovine_rinderpest

De Villiers, d P. (2022) *Kleinveepes kruip nader.* Maroela Media https://maroelamedia.co.za/landbou/landbounuus/kleinveepes-kruip-nader/

RPO (2024) *Kleinveepes: SA 'moet bedag wees'.* Landbou.com https://rpo.co.za/wp-content/uploads/2024/02/Jan-2024.pdf

Gouws, A. (2024) *Ernstige veesiektes bedreig grens.* Plaas Media https://agriorbit.com/ernstige-veesiektes-bedreig-grense/?fbclid=IwAR10QYssSGNwg-jVsdoasfKlr0KUueOrtSG_Ns0I9vOSnF9OcnoI46zHAWg


STAFIX
ELECTRIC FENCE AND SECURITY CENTRES
Online Product Store
Delivery available or
Collect from any of
our branches
0861 STAFIX/782349 www.stafix.co.za
YOUR ONE STOP SECURITY SHOP
➢ Electric Fencing
➢ Gate Motors
➢ Batteries
➢ CCTV
➢ Garage Door Motors
➢ Remotes
➢ Intercoms
➢ Equestrian Fencing
➢ Game Fencing
➢ Alarm Systems
➢ Roboguard
➢ Security Beams
JVA SECURITY SYSTEMS
CENTURION
alhua CCTV SURVEILLANCE TECHNOLOGY
www.ROBOGUARD.co.za Outdoor Beams
STAFIX BRANCH LOCATIONS
Bethlehem
Bloemfontein
Cape Town Central
Cape Town South
Centurion
Durban North
East London
George
Gaborone
Harare
Jet Park
Kimberley
Klerksdorp
Lusaka
Mozambique
Nelspruit
Kya Sand
Paarl
Pietermaritzburg
Pinetown
Polokwane
Port Elizabeth
Potchefstroom
Pretoria
Rustenburg
Somerset West
Upington
Vanderbijl Park
Vryheid
Windhoek
West Rand


KAGIMA
TRUCK & TRAILERS SALES & PLANT EQUIPMENT
Choose your next quality used
Truck or Trailer with us!
We have a large variety of units available, from 4 ton trucks to truck tractors with tautliner, side tipper and cattle trailers
Truck Sales
Valuations
Buying
www.kagimatrucks.co.za
Eugene - 082 556 1808 | eugene@kagimatruck.co.za
Johandre - 060 992 2898 | johandre@kagimatrucks.co.za
Heinrich - 076 499 3482 | heinrich@kagimatruck.co.za



Dieresiektes:

# Rooiwater lei tot vrektes

**deur Tisha Steyn**

Boere word gemaan om op die uitkyk wees vir kliniese simptome van rooiwater nadat twee voorvalle in die Vrystaat en Mpumalanga tot vrektes van beeste gelei het. 'n Boer van Lydenburg in Mpumalanga het ses kalwers en twee dragtige koeie verloor, terwyl 'n Vrystaatse boer altesaam 26 beeste verloor het en vir hulle is dit 'n groot terugslag.

Rooiwater se vernietiging kom 'n lang pad in Suid-Afrika sedert Europese setlaars dit vir die eerste keer gedurende die 1930's in KwaZulu-Natal aangemeld het. Destyds het die Ooskuskoorsdipveldtog teen die bruinoorbosluis ook 'n dramatiese uitwerking gehad op die bloubosluisbevolking, wat rooiwater oordra, en die voorkoms van die siekte het drasties afgeneem.

Maar in 1972 het sowat 10 000 beeste in Transkei van die siekte gevrek, terwyl meer as 'n miljoen beeste tydens die bosoorlog in die destydse Rhodesië, nou Zimbabwe, daarvan gevrek het. In 1993 het 'n opname getoon dat 0,3% van die beeste in Suid-Afrika dieselfde paadjie geloop het.

## Twee soorte rooiwater

Twee soorte rooiwater kom voor, naamlik Afrika-rooiwater en Asiatiese of Europese rooiwater, wat albei deur die protosoïese parasiete *Babesia spp*, wat op rooibloedselle parasiteer, oorgedra word.

## Afrika-rooiwater

Afrika-rooiwater word deur die parasiet, *Babesia bigemina*, veroorsaak en deur albei bloubosluisspesies wat hier voorkom, naamlik *Rhipicephalus* (voorheen *Boophilus) decoloratus* en *R. Microplus*, asook die rooipootbosluis (*Rhipicephalus evertsi evertsi*) oorgedra.

Die bosluis voed by voorkeur op beeste, maar ook op perde, donkies, skape en bokke, asook wild soos sebras, rooibokke, bosbokke, koedoes, elande en swartwitpense.

Die bosluis voltooi sy hele lewenssiklus van larwe, nimf tot volwassene op een gasheer en staan bekend as 'n eengasheerbosluis. Die lewensiklus neem sowat drie weke vandat die larwe op die dier klim tot die volgesuigde wyfie afval. Vandat die wyfie begin eiers lê – tot 3 000 daarvan – totdat die larwe uitgebroei het en gereed is om op die volgende gasheer te klim, duur sowat vyf weke.

## Seisoene

Dit beteken verskeie geslagte bloubosluise kan in 'n jaar in wisselende getalle voorkom. In die winter is eierontwikkeling en die uitbroei van die larwes 'n bietjie stadiger, maar wanneer die warmer lente aanbreek kan daar 'n menigte larwes op die plantegroei wees.

Afhangend van die weersomstandighede in die lente, piek die larwegetalle, maar siklusse kom voortdurend op weiding in die somer, herfs en vroegwinter voor.

Gedurende die warmer maande is daar dus altyd siklusse van larwes op die weiding, met die grootste voorkoms in die somer en herfs tot vroeg winter.

## Verspreiding

Die bosluise kom op verskillende plantegroeitipes in die natter dele van die land voor, maar ook in die koeler Drakensberg. Hulle is afwesig in gebiede waar die reënval minder as 380 mm per jaar is, soos in die Wes-Vrystaat en westelike dele van Noordwes-Kaap.

Die pantropiese bloubosluis, *R. Microplus*, is hoofsaaklik 'n beesbosluis wat nie net rooiwater nie, maar ook beesgalsiekte (anaplasmose) kan veroorsaak. Dit het waarskynlik die land vanaf Madagaskar binnegekom en langs die suidelike en oostelike kusstreke van KwaZulu-Natal, die Oos-Kaap en die Wes-Kaap gevestig. Dit kom ook op plekke in Mpumalanga en Limpopo voor. In warm, vogtige gebiede ding die R. *microplus* met R. *decoloratus* mee en kan dit selfs verplaas.

## Kliniese tekens

Siek diere het 'n hoë koors van tot 41 grade C, bloedarmoede, geelsug, lusteloosheid, die diere hou op vreet en melkproduksie daal. Koeie aborteer en die urine is rooi – vandaar die naam



**Kalwers van koeie wat immuun is en wat biesmelk ingekry het, het 'n natuurlike weerstand van sowat twee maande teen albei rooiwatersiektes. (Bron: Pixabay)**



rooiwater. Dit is dikwels 'n komplikasie van bosluisgalsiekte en is meestal dodelik met tot 90% vrektes.

## Oordraging van die siekte

Bosluise raak besmet as hulle op 'n bees voed wat 'n draer van die rooiwaterparasiet is of die siekte onder lede het. Die parasiet word in die bosluis se nimfstadium aan die bees oorgedra.

Beeste wat van rooiwater herstel, kan vir ses maande tot 'n paar jaar lank latente draers van die siekte bly en verskillende rooiwaterstamme se virulensie mag verskil.

## Asiatiese of Europese rooiwater

Hierdie siekte is hewiger as Afrika-rooiwater. Dit word deur die parasiet *Babesia bovis* veroorsaak. Dit

## Immuniteit teen rooiwater

Kalwers van koeie wat immuun is en wat biesmelk ingekry het, het 'n natuurlike weerstand van sowat twee maande teen albei rooiwatersiektes.

Tot op agt maande het die kalf steeds natuurlike weerstand. Die boer moet in die tydperk die kalf toelaat om met rooiwaterparasiete in aanraking te kom sodat hulle immuniteit kan opbou, anders is hulle na agt maande weer vatbaar.

Beeste wat kalf se immuniteit is laer, net soos dié van ouer diere of diere wat onder spanning verkeer weens droogte, wanvoeding of verskuiwing.

## Ensoötiese stabiliteit

Nadat 'n bees van rooiwater herstel het, kan die parasiet vir nog vier tot sewe weke oorgedra word. Die voorkoms van albei rooiwatersiektes hang dus daarvan af of daar 'n bron van die parasiete in die beeste op die plaas voorkom.

Dit is goed en sleg, want as die plaas te skoon gedip is, gaan die beeste nie immuniteit opbou deur besmet te raak nie. Die boer moet weet wat die immuunstatus van die kudde en beeste wat ingebring word is en of die bosluis weerstandigheid teen middels opgebou het.

Die ideaal is dat al die diere natuurlik geïmmuniseer word teen die siektes wat deur bosluise oorgedra word. Stabiliteit kan verkry word deur alle diere op 'n baie jong ouderdom aan die siektes bloot te stel. Navorsing het getoon wanneer meer as 75% van die kalwers voor nege maande besmet is, is daar 'n ensoötiese stabiliteit in die kudde.



**Tipiese simptome van rooiwater is 'n hoë koors van tot 41 °C, bloedarmoede, geelsug, lusteloosheid, die diere hou op vreet en melkproduksie daal. Koeie aborteer en die urine is rooi – vandaar die naam rooiwater. (Bron: Pixabay)**

## Voorkoming

Bosluisbeheer is die enigste manier om te voorkom dat jy jou beeste verloor. Dit is dalk 'n goeie ding dat algehele bosluisbeheer onrealisties is, want die ideaal is om 'n ensoötiese stabiele toestand te skep deur beeste nie te skoon te dip nie. Dit sal help dat kalwers jonger as ses maande natuurliker met die rooiwaterparasiet besmet word en immuniteit verwerf. Gebruik 'n middel wat die siekte blok by hierdie kalwers, skoudiere, beeste in 'n voerkraal, waar vatbare diere na 'n rooiwatergebied geskuif word, en tydens 'n uitbreek van rooiwater.

## Inenting

Daar is entstowwe beskikbaar. Kalwers van drie tot ses maande oud moet ingeënt word. Daar kan 'n subkliniese reaksie ontstaan, maar diere toon nie kliniese tekens nie. Vatbare diere moet minstens vier weke voordat hulle na 'n rooiwatergebied geneem word, ingeënt word.

Diere moet in groepe van minder as 50 diere ingeënt word, want hulle temperatuur moet daagliks vanaf dag 5 tot 21 gemeet word en hulle moet goed dopgehou word vir koors van 40 °C of hoër. Hulle moet behandel word. Let op vir tekens van lusteloosheid.

toon dieselfde simptome, maar soms ontwikkel daar ook senuweesimptome wat serebrale rooiwater genoem word. Dit veroorsaak dat die diere wankelrig loop, nie kan opstaan nie en waar hulle lê, skopbewegings maak. Baie vrektes kom voor.

## Voorkoms van die siekte

*R. microplus* het 'n meer beperkte verspreiding as *R. decoloratus*, want dit het 'n hoë humiditeit nodig, soos in KwaZulu-Natal, Oos- en Wes-Kaap en Mpumalanga.

Waar albei spesies teenwoordig is kan hulle verbaster, maar die eiers wat deur die *R. microplus*-wyfies gelê word is steriel.



**Bloubosluise kom op verskillende plantegroeitipes in die natter dele van die land voor, asook in die koeler Drakensberg. Hulle is afwesig in gebiede waar die reënval laer as 380 mm per jaar is soos in die Wes-Vrystaat en westelike dele van Noordwes-Kaap. (Bron: Pixabay)**



**Kalwers van drie tot ses maande oud moet teen rooiwater ingeënt word. (Bron: Pixabay)**

Koeie wat meer as vyf maande dragtig is mag dalk aborteer. Bulle moet vir twee maande na inenting rus, want die koorsreaksie kan die semen doodmaak.

## Bosluisbeheer

Beplan 'n beheerstrategie saam met jou veearts. Daar bestaan verskillende dipmiddels in verskeie formulasies vir dompeldip, spreidip, handsprei, opgiet en inspuiting. Lees op die etiket of lakterende diere die middel gegee kan word.

Bepaal saam met jou veearts vir watter middels die bosluise op jou plaas vatbaar is, want baie bosluise is weerstandbiedend.




## Behandeling

Praat met jou veearts oor watter middels jy kan gebruik en of 'n bloedoortapping nodig is. Maar onthou, voorkoming is die beste behandeling!







*Bosluisoorgedraagde siektes: Afrika-rooiwater.* Virbac https://za.virbac.com/home/every-health-care/pagecontent/every-advices/tick-borne-disease-related-articles/bosluisoorgedraagde-siektes-afri.html

Cloete, J. (2019) *Behandel rooiwater só.* Landbouweekblad https://www.pressreader.com/south-africa/landbouweekblad/20191108/282557315010187

Nortjé, C. (2020) *Rooiwater: 'n Onverbiddelike vyand.* Veeplaas https://agriorbit.com/rooiwater-n-onverbiddelike-vyand/

Potgieter, F. (2006) *Rooiwater by beeste.* Landbou.com https://www.landbou.com/landbou/kundiges/vra-vir-faffa/Rooiwater-by-beeste-20180504

Spandiel, O.A. (2024) *Cattle farmers suffer devastating losses.* Food for Mzansi https://www.foodformzansi.co.za/redwater-disease-strikes-cattle-farmers-suffer-devastating-losses/

Van Niekerk, P. (2012) *Rooiwater.* Landbou.com https://www.landbou.com/landbou/Argief/rooiwater-20171019

INYATI DRILLING

012 940 0507
sales@inyatigroup.co.za
www.inyatigroup.co.za



# INYATI DRILLING

## ONTDEK DIE KRAG VAN GESPESIALISEERDE UAV GEOFISIESE EN MAGNETIESE OPNAMES

### HOE WERK DIT?

Deur ons DJI Matrice 600 Pro te gebruik en 'n opties gepompte, luggedraagde Kaliummagnetometer, versamel ons data van hoë gehalte teen die hoogste steekproeftempo om lugmagnetiese kaarte te produseer. Die data word dan gebruik om geologiese strukture te ondersoek en te karteer om boorplekke vir vlak en diepliggende grondwater te bepaal.

Belangriker nog, die data kan ook gebruik word in die kartering van mineraalafsettings, pyplyne en ander begrawe infrastruktuur en vlieënde presisie UXO, ingenieurswese en omgewingsmissies.

### OPTIESE GEPOMPTE KALIUM MAGNETOMETER SENSOR

- Hoogste sensitiwiteit
- Absolute akkuraatheid
- Gradiëntverdraagsaamheid beskikbaar

### DRONE VOORDELE EN KENMEKRE

- Veilige en betroubare metode om geofisiese data te verkry.
- Volle outonome vlug.
- Terreinbewustheid om 'n konstante hoogte bo grondvlak te handhaaf.
- Lae vlieg, nouer lynspasiëring en hoë steekproeftempo's.
- Uitstekende vlugprestasie en laaivermoë.


WOODLAND
EXPLORE MORE
A farmer needs to be an optimist, or he wouldn't be one. Here's why.
Woodland footwear are as essential as good fertilizer, water, and soil. Woodland are rugged, durable, and extremely comfortable and can take a beating day in and day out. They will keep you on your feet and eternally optimistic.
Trust Woodland, your feet will thank you at the end of the day.
woodlandafrica.com




Ons verskaf pasgemaakte oplossings vir jou rubberslangvereistes.

L-Flex

lflex.co.za

Gert Burger (gert@lflex.co.za)
083 267 2635 | admin@lflex.co.za
Kantoor nommer | 079 771 1822

No 30 Pittsburg Street, Cnr Apex Street,
Apex Industrial, Benoni


Sintech
CELEBRATING 40 YEARS
GOETZE
SVENDBORG BRAKES
TWIFLEX
WICHITA CLUTCH
INDUSTRIAL CLUTCH
Euroricambi
People. Passion. Gears.
CARLISLE
PT TECH
FMC
OFF-HIGHWAY CLUTCH, BRAKE AND TRANSMISSION PARTS FROM AN
ORIGINAL EQUIPMENT SUPPLIER
JHB: +27 (0)11 823 2359
DUR: +27 (0)31 569 2695
WWW.SINTECH.CO.ZA
sales@sintech.co.za


Agriculture
Mining
Game Ranging
Military
POLICE
Policing
4.2 6 CYLINDER LAND CRUISER
3.0 5L DIESEL 4 CYLINDER SOHC
2.4 2L DIESEL 4 CYLINDER INLINE
2.2 4L PETROL 4 CYLINDER INLINE
ENHANCE YOUR
AGRICULTURE VEHICLE
BODY LIFETIME GUARANTEED
The URI Agriculture vehicle range out casts all other pick-ups with its robust and durable monocoque frame. Built from thick-walled (3-mm) steel tubing and clad with 1.6-mm sheet metal, the framework offers great strength and durability, while minimising overall mass to 1690 kg.
For any application THAT SUITS YOU!
Cummins
TOYOTA
NISSAN
ISUZU
URI SA
+27 66 281 4912 | +27 73 888 9890
raymond@uri-sa.co.za
andre@uri-sa.co.za
www.uri-sa-co.za

# DE MEYER BETONWERKE

BOTHAVILLE

**Groot Bees Waterkrip**
Kode: A41
Gewig: 660kg



480 Lt

**Klein Bees Waterkrip**
Kode: A43
Gewig: 520kg



330 Lt

**Skaap Waterkrip**
Kode: A47
Gewig: 460kg



220 Lt

**JB Waterkrip**
Kode: A50
Gewig: 415kg



190 Lt

**Beesvoerkrip**
Kode: A46
Gewig: 1020kg



**Skaapvoerkrip**
Kode: A48
Gewig: 578kg



**Kunsmis Bunker**
Kode: A51
Gewig: 2400kg



**Kuilvoer Bunker**
Kode: A49
Gewig: 1380kg





## A58 Varkvoerkrip
85 kg



## A56 Colvert
1,2 m / 1 700 kg



## A57 Toilet 1 900 kg

## ALTYD TOT U DIENS VANAF 1971

BETONMURE PALLISADEHEININGS KUILVOERBUNKERS
DRINKKRIPPE VOERBAKKE

www.demeyerbeton.co.za **Navrae: 056-515-3847 / Dawie: 084-250-3846**

Agri4all

# FRUIT BINS & PALLETS

FOREST TIMBER
while we live, we grow

100% Eco-Friendly

## Choose the fruit bins and pallets that are right for you, your trade and your budget.

Forest Timber is your end to end pallet and fruit bin partner with a personal touch and national footprint. Established in 1972, we are a proud market leader.

Committed to sustainability, superior quality control processes and reliable client engagement. Our company delivers on promise and expectation.




www.foresttimber.co.za   023 614 9923   info@foresttimber.co.za   foresttimber_za   Forest Timber


RumaX
BJP Supplies
ONTDEK DIE KRAG
VAN INNOVASIE
Voermengers
Kerwers
Pilmasjiene
Rumax verstaan landbou, daarom vervaardig en ontwerp ons produkte met ons kliënte se unieke behoeftes in gedagte.
Ons vervaardig ook hamermeulens, korrelmasjiene, misstrooiers en meganiese snylemme.
(+27) 23 3426070
jaco@rumax.co.za


Mobile irrigation systems to irrigate Africa
EXPERIENCE IN IRRIGATION SYSTEMS 40 YEARS
CANE MASTER 300
RHINO 300 4X4
HEAVY DUTY AGRICULTURAL IRRIGATOR
CLUBMAN/ FARMER 100
LIGHT DUTY AGRICULTURAL IRRIGATOR
RAINMAKER 200 4X4
HEAVY DUTY AGRICULTURAL IRRIGATOR
GREENKEEPER/ FARMER 200
LIGHT DUTY AGRICULTURAL IRRIGATOR
SPORTSMAN/ CROPMAKER 120
LIGHT DUTY AGRICULTURAL IRRIGATOR
Choose from our wide variety!
Suitable for irrigating most overhead crops | Pastures/maize/wheat/tobacco/vegetables/sugar cane etc.
www.rotrixafrica.co.za
Head Office - Western Cape +27 23-342-3438
Jasper Hewitt +27 (0) 82-773-7544 | jasper@rotrixafrica.co.za
Andries Bothma +27(0)79-959-3356 | sales@rotrixafrica.co.za
IRRIGATION UNLIMITED
Office - Gauteng Tobie van den Heever
+27 (0)82-658-6054
tobie@iunlimited.co.za
ROTRIXAFRICA industries cc
MECHANISED IRRIGATION SYSTEMS
BUILT TO IRRIGATE AFRICA


IT'S YOUR
NOZZLE-BY-NOZZLE ADVANTAGE.
It's RightSpot™
Ag Leader
Nozzle-by-nozzle control.
Consistent coverage across any terrain.
Increased productivity and speed.
Industry leading visibility.
Ag Leader®
www.agleader.com
PPF PURE PRECISION FARMING
Jaco Hamman
082 762 1669
www.ppfagri.co.za
Ag Leader®
AGTECH TECHNOLOGY
Jaco van der Merwe
082 738 0718
jaco@agtechtechnology.co.za


G.S. Robertson
CONSTRUCTION (PTY) LTD
SPECIALIZING IN EARTH DAMS FOR OVER 50 YEARS
We are longstanding earthmoving contractors specialising in the construction, repair and maintenance of earth dams.
Will undertake any other earthworks.
Robbie: 083-305-2504
E-mail: info@gvrobertson.co.za
www.gvrobertson.co.za


MULCHERS | FLAIL MOWERS | AUGERS | TRENCHERS
200 ATTACHMENTS
MULTI PURPOSE MACHINES
DIGGA
BERTI
AVANT
DIGGA
BERTI
sales@avantsa.co.za | +27 11 397 1211

UNIQUE WELDING

Comprehensive supplier of gas & welding equipment




THERMAMAX

We have a national footprint of over 14 branches countrywide

info@uniquewelding.co.za | 011 841 9800 | www.uniquewelding.co.za


WE STRIVE TO OFFER THE HIGHEST QUALITY PRODUCTS AND SERVICES
danilogo
STRUCTURES
We specialise in the steel fabrication and construction of churches, hangars, warehouses structures, steel roof truss buildings, tool sheds/barns, solar structures, conveyor and mining structures, sport arenas, workshops and factories.
Cost-effective
Time-saving
Requires less maintenance
Durable & strong
WE BEAT ANY WRITTEN QUOTE!
Terms & Conditions Apply!
info@danilogostructures.co.za
www.danilogostructures.co.za
081 316 4581
Cornelia road 15, Pretoria,
South Africa


WFSA
WHOLESALE FENCING SA
BIG
SAVINGS
MARKET LEADER IN SUPPLY MANUFACTURING, DESIGN AND INSTALLATION OF FENCING MATERIALS
012 682 0150 - Centurion
051 880 0220 - Bloemfontein
OUR PRODUCTS
GALVANISED WIRE IN COILS
BARBED WIRE
DIAMOND MESH/ CHAIN LINK
ROOF & REINFORCING
DROPPERS & STANDARDS
HEXAGON WIRE NETTING
ELECTRIC FENCING PRODUCTS
RAIZOR WIRE
WELDED MESH
POSTS
GATES
FIELD FENCE
WHOLEVIEW PANEL FENCING
Wholesale prices directly to the public
Support local, buy local


TECHNOPOL SA
ENERGY SAVING MATERIALS
www.technopol.co.za
Industry Leaders in Energy Efficient Products
We design, manufacture, and produce custom structures that adhere to the specific needs of each individual client. Moreover, these structures adhere to the regulations set forth for food production, animal welfare, and ensuring a secure working environment.
ENDLESS SOLUTIONS
Increase growth rates, reproduction, and overall productivity. Decrease energy costs & carbon footprint.
ROOF/WALL/FLOOR INSULATION
Why Technopol?
Cutting edge technology
Unrelenting quest for excellence
Continual improvement
Modern equipment
Well trained staff
ISO 9001, 14001 and 45001 Certified
Fire Retardant
All Technopol's EPS products are fire retardant and will not propagate or contribute to the spread of fire.
Moisture Resistant
Improves water penetration resistance and mitigates the risk of mold growth in a variety of applications.
Durability
EPS does not rot or degrade over time and will remain fully functional for the life of any building.
Safe to use
EPS is non-toxic, does not contain CFCs and does not decompose into harmful substances.
TIPSASA
ISO 14001
ISO 45001
ISO 9001
AGRÉMENT SOUTH AFRICA
website: www.technopol.co.za
email: info@technopol.co.za
tel: (011) 363 2780
9 Wright Street
Nuffield, 1559
Springs, South Africa


Myburgh Toerusting
Vir die Boer, van die Boer
NUWE PRODUK BEKENDSTELLING
KOMPETISIE REËLS
Kom kyk na ons prototipe by NAMPO.
1
Maak 'n lys van die dinge wat jy dink ons kan verbeter.
2
Die persoon wat die naaste aan ons lys van verbeterings is, sal 'n kontant-prys wen.
3
WEN
SAAM MET ONS BY
NAMPO
NUWE PADSKRAPER PROTOTIPE
BEKENDSTELLING NAMPO 2024!
www.mtoer.co.za | 082 417 0175 | mybtoer@gmail.com


SMIT GEARS
REPAIRS AND MANUFACTURING
Easily restore & repair your agricultural assets
We manufacture your parts using raw materials to a finished product for farming, earthmoving and general heavy duty equipment.
We pride ourselves in offering affordable solutions coupled with exceptional service!
+27 76 476 8119 | smitgears@gmail.com | www.smitgears.co.za
We assist you with replacements for any parts!


R.P. INDUSTRIAL PRODUCTS (Pty) Ltd. T/A
AIR SPRING SUPPLY COMPANY
South African Sole Distributor for the FIRESTONE INDUSTRIAL PRODUCTS COMPANY
Firestone
WWW.ASSC.CO.ZA
AIRIDE
AIRMAX
SUSPENSIONS AND ACCESSORIES
DBN -031 205 2293
JHB - 011 397 6390


YOUR ONE-STOP CATTLE & SHEEP HANDLING EQUIPMENT SUPPLIER
We also supply a wide range of other agricultural equipment
NATIONWIDE DELIVERY
VDW ENGINEERING
Hennie van der Walt | +27 (0) 72 901 4033
info@vdwengineering.co.za
Mobile crush & neck clamps
Cattle neck clamps
Standard & mobile loading ramps
Loading ramps & panels
Enclosure panels
Gated enclosure panels
Feeding troughs
Work stations
2 Way sorting gates
Support arches
Support arches with gate
Weigh bars
Spray race
Branding irons
Bale rings
Scales

MINING | INDUSTRY | MUNICIPAL | AGRICULTURE | FOOD AND BEVERAGE | FIRE FIGHTING

RAINBOW RESERVOIRS

Premium quality **Aluzinc steel** sectional tanks for bulk water storage throughout Africa



LISTED AND APPROVED SUPPLIER ASIB

South Africa

WISA Water Institute of Southern Africa

FIRE PROTECTION ASSOCIATION OF SOUTHERN AFRICA

www.rainbowtanks.co.za

sales@rainbowres.com | +27 (0)11 965 6016

LRT Electrical

LRT ELECTRICAL

***35 years experience in electrical contracting.***

- 10-year guarantee on equipment.
- 6-months free technical support.

**Installations done by qualified Installation electricians.**

- In-house load recorder up to 1500amp per phase.
- From 5kW to 500kW systems.
- 5kW Back-up systems from R 50 000.00

8kW Deye, 2xVolta 5.1kwh batteries and 12x550watt solar panels from R 150 000.00

8kW Deye, 2x10.5 kwh Volta and 12x550watt solar panels from R 195 000.00.

Bigger systems: 50kW Deye inverter, 12x5.1kwh high voltage stag battery system and 60x660 watt solar panels from R 780 000.00. (80amp per phase 3phase system) up to 6 in parallel.



082 551 5030

INFO@LRTELECTRICAL.CO.ZA



mahindra
SPORT UTILITY VEHICLES
UNLEASH THE EXPLORER IN YOU
STORM DUSK DEW DAWN
Mahindra Pik Up
2.2 mHawk DC 4x4 Karoo
GET UP TO
R50 000
DEAL ASSISTANCE
5 YEARS 90 000 km SERVICE PLAN
4 YEARS 120 000 km WARRANTY
T&C Apply. E&OE
RVMG
Mahindra Alberton
087 803 1108
www.mahindraalberton.co.za




MYSILO®

nexgro
SKUIF DIE GRENSE

**01** **Verskaf** en **installeer** nuwe silo's en hanteringstoerusting

**02** **Instandhouding** en **herstel** van silo's en toerusting

**03** **Opgradering** van bestaande silo persele

**04** **Sleutel**projekte

# STOOR JOU OPBRENGS OP JOU PLAAS

Bemagtig produsente om digitale tegnologie-oplossings te gebruik om beheer van die produk regdeur die voedselproduksie waarde-sisteem te behou.







JJ Barnard +27 84 268 3332 jj.barnard@nexgro.co.za | Jaco Barnard + 27 72 861 4401 jaco.barnard@nexgro.co.za